



# STAATSKOERANT

## VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

---

### REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GOVERNMENT GAZETTE

*As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer*

*Registered at the Post Office as a Newspaper*

PRYS + 1c AVB 20c PRICE + 1c GST  
BUITELANDS 30c ABROAD  
POSVRY · POST FREE

Vol. 171]

KAAPSTAD, 28 SEPTEMBER 1979

CAPE TOWN, 28 SEPTEMBER 1979

[No. 6676

#### ALGEMENE KENNISGEWING

DEPARTEMENT VAN LANDBOU-EKONOMIE  
EN -BEMARKING

KONSEPWETSONTWERP TER VERVANGING VAN DIE  
WET OP KOÖPERATIEWE VERENIGINGS, 1939 (WET  
29 VAN 1939)

Die Registrateur van Koöperatiewe Verenigings publiseer hierby die volgende konsepwetsontwerp vir algemene inligting. Belanghebbendes word vanaf die datum van publikasie hiervan drie maande tyd gegun om vertoë oor die konsepwetsontwerp te rig tot die Registrateur van Koöperatiewe Verenigings, Sesde Verdieping, M.H.V.S.-gebou, Beatrixstraat 84, Arcadia, Pretoria 0083, (Privaatsak X237, Pretoria, 0001).

#### GENERAL NOTICE

DEPARTMENT OF AGRICULTURAL ECONOMICS  
AND MARKETING

DRAFT BILL FOR THE SUBSTITUTION OF THE  
CO-OPERATIVE SOCIETIES ACT, 1939 (ACT 29 OF 1939)

The Registrar of Co-operative Societies hereby publishes the following Draft Bill for general information. Interested persons may within a period of three months from the date of publication hereof submit representations regarding the Draft Bill to The Registrar of Co-operative Societies, Sixth Floor, P.S.M.A.A. Buildings, 84 Beatrix Street, Arcadia, Pretoria, 0083, (Private Bag X237, Pretoria, 0001).

**ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:****[ ]**

Woorde tussen vierkantige hake dui aan skrappings.

**\_\_\_\_\_**

Woorde met 'n volstreep daaronder dui aan invoegings.

# KONSEPWETSONT- WERP

Tot samevatting en wysiging van die wetsbepalings met betrekking tot koöperasie; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

## INDELING VAN DIE WET

**[1.] Uitleg.***Artikel*

	Woordomskrywing	1
	Aanstelling van Registrateur van Koöperasies	2
Hoofstuk I	Oprigting van Koöperasies	3 tot 11
II	Registrasie van Koöperasies	12 tot 20
III	Aanspreeklikheid van lede en Kapitaal	21 tot 27
IV	Verbande en Skuldbriewe	28 tot 31
V	Bestuur van Koöperasies	32 tot 58
VI	Oprigting van Sentrale en Federale Koöperasie met beperkte aanspreeklikheid	59 tot 65
VII	Likwidasie en Ontbinding van Koöperasies	66 tot 100
VIII	Toepassing van Koöperatiewe Wet op maatskappye kragtens 'n ander wet opgerig en geregistreer	101 tot 105
IX	Algemene en Aanvullende Bepalings	106 tot 130
X	Bylae	

Woordomskrywing.

**[2.] 1.** Tensy uit die samehang anders blyk, beteken in hierdie Wet—

„algemene reserwe” ’n reserwe wat geskep is om ’n vaste bate aan te skaf of bedryfskapitaal te voorsien of om in die algemeen die finansiële posisie van die koöperasie te verstewig;

„assistent-registrateur” die assistent-registrateur van koöperasies aangestel kragtens artikel twee;

„beheerde maatskappy” ’n maatskappy geregistreer kragtens die Maatskappywet, No. 61 van 1973, soos gewysig, ten opsigte waarvan ’n koöperasie regstreeks of onregstreeks die bevoegdheid het om beheer uit te oefen en word ’n maatskappy geag beheer te word indien dié koöperasie—

(a) meer as vyftig persent van die uitgereikte aandelekapitaal van daardie maatskappy hou of;

(b) geregtig is om meer as die helfte van die stemregte ten opsigte van die uitgereikte aandele van daardie maatskappy uit te oefen; of



**GENERAL EXPLANATORY NOTE:**

- [ ]** Words in square brackets indicate omissions.  
 Words underlined with solid line indicate insertions.

# DRAFT BILL

**To consolidate and amend the laws relating to co-operatives  
and to provide for matters incidental thereto.**

## DIVISION OF ACT

<b>[1.]</b>	Interpretation	Section
	Definitions	1
	Appointment of Registrar of Co-operatives	2
Chapter I	Formation of Co-operatives	3 to 11
II	Registration of Co-operatives	12 to 20
III	Liability of members and Capital	21 to 27
IV	Mortgages and Debentures	28 to 31
V	Management of Co-operatives	32 to 58
VI	Formation of Central and Federal Co-operatives with Limited Liability	59 to 65
VII	Winding Up and Dissolution of Co-operatives	66 to 100
VIII	Application of Co-operative Act to companies formed and registered under some other Act	101 to 105
IX	General and Supplementary Provisions	106 to 130
X	Schedules	

**[2.] 1.** In this Act, unless inconsistent with the context—

Interpretation of terms.

“general reserve” means a reserve created in order to acquire a fixed asset or to provide working capital or to strengthen the financial position of the co-operative generally;

“assistant registrar” means the assistant registrar of co-operatives appointed under section two;

“controlled company” means a company registered under the Companies Act, No. 61 of 1973 as amended, over which company a co-operative, directly or indirectly, has the power of control and a company is regarded as controlled if the co-operative—

- (a) is the holder of more than fifty per cent of the issued share capital of that company; or
- (b) is entitled to exercise more than one half of the voting rights attaching to the issued share capital of that company; or

- (c) geregtig is of die bevoegdheid het om die samestelling van die meerderheid van die direksie van daardie ander maatskappy te bepaal, insluitende—
- (i) die bevoegdheid om sonder die toestemming of instemming van 'n ander persoon al of die meerderheid van sodanige direkteure aan te stel of af te dank;
  - (ii) die bevoegdheid om te verhinder dat iemand sonder sy toestemming as direkteur aangestel word.

„depot” ’n plek waar ’n **[vereniging of maatskappy]** koöperasie sy werksaamhede beperk tot die ontvangs, opberging of versending van landbouprodukte, lewende hawe of lewende haweprodukte en tot die ander dienste, as daar is, wat die Minister van tyd tot tyd bepaal;

„direkteursverslag” ’n verslag wat aanvullend tot die koöperasie se finansiële state aan die jaarlikse algemene vergadering deur die raad van direkteure of deur die voorsitter van die raad voorgelê moet word;

„federale handelskoöperasie” of „federale koöperatiewe handelsmaatskappy met beperkte aanspreeklikheid” of „federale koöperatiewe handelsmaatskappy” of „federale maatskappy” of „maatskappy, (met betrekking tot ’n federale koöperatiewe handelsmaatskappy)”, ’n **[maatskappy]** federale koöperasie opgerig kragtens die bepalinge van artikel **[ses-en-vyftig]** twee-en-sestig;

„federale landboukoöperasie” of „federale koöperatiewe landboumaatskappy met beperkte aanspreeklikheid” of „federale koöperatiewe landboumaatskappy” of „federale maatskappy” of „maatskappy, (met betrekking tot ’n federale koöperatiewe landboumaatskappy)”, ’n federale **[koöperatiewe landboumaatskappy]** landboukoöperasie opgerig kragtens die bepalinge van artikel **[vyf-en-vyftig]** een-en-sestig;

„federale spesiale boerekoöperasie” of „federale spesiale koöperatiewe boeremaatskappy met beperkte aanspreeklikheid” of „federale spesiale koöperatiewe boeremaatskappy” of „federale maatskappy” of „maatskappy” (met betrekking tot ’n federale spesiale koöperatiewe boeremaatskappy) ’n federale spesiale **[koöperatiewe boeremaatskappy]** boerekoöperasie opgerig kragtens die bepalinge van artikel **[vyf-en-vyftig]** een-en-sestig;

„gebeurlikheidsreserwe” ’n reserwe wat geskep is om ’n verlies van ’n buitengewone en onbekende aard te bestry of om in verband met die werksaamhede van die koöperasie ooreenkomstig spesifieke bepalinge van sy statute aangewend te word;

„handelskoöperasie” of „koöperatiewe handelsvereniging met beperkte aanspreeklikheid” of „koöperatiewe handelsvereniging” of „vereniging” of „koöperasie” (met betrekking tot ’n koöperatiewe handelsvereniging), ’n **[vereniging]** koöperasie opgerig vir een of meer van die in artikel *elf* vermelde doeleindes;

„koöperasie” enige landboukoöperasie, spesiale boerekoöperasie, handelskoöperasie of koöperatiewe deelgenootskap opgerig vir een of meer van die doeleindes in artikels 5, 6, 7 en 11 en kan die woord verwys na enige een, of meer of na alle tipe koöperasies na gelang van die bedoeling soos in die betrokke artikel van die Wet uiteengesit;

„koöperatiewe deelgenootskap” of „koöperatiewe deelgenootskap met onbeperkte aanspreeklikheid” of „koöperatiewe deelgenootskap met

(c) is entitled or has the power to regulate the composition of the majority of the directors of that company including—

- (i) the power to appoint or discharge, without the consent or concurrence of any other person, all or the majority of such directors;
- (ii) the power to prevent anyone being appointed a director without its consent;

“depot” means any place where a **[society or company]** co-operative confines its operations to the receiving, storing or despatching of agricultural products, livestock or livestock products and to such other services, if any, as the Minister may from time to time determine;

“directors’ report” means a supplementary report to the co-operative’s financial statements which shall be laid before the annual general meeting by the board of directors or the chairman of the board;

“federal trading co-operative” or “federal co-operative trading company with limited liability” or “federal co-operative trading company” or “federal company” or “Company (in relation to a federal co-operative trading company)” means a **[company]** federal co-operative formed under the provisions of section **[fifty-six]** sixty-two;

“federal agricultural co-operative” or “federal co-operative agricultural company with limited liability” or “federal co-operative agricultural company” or “federal company” or “company (in relation to a federal co-operative agricultural company)” means a federal **[co-operative agricultural company]** agricultural co-operative formed under the provisions of section **[fifty-five]** sixty-one;

“federal special farmers’ co-operative” or “federal special co-operative farmers’ company with limited liability” or “federal special co-operative farmers’ company” or “federal company” or “company (in relation to a federal farmers’ special co-operative company)” means a federal special **[co-operative farmers’ company]** farmers’ co-operative formed under the provisions of section **[fifty-five]** sixty-one;

“contingency reserve” means a reserve created to defray unusual and abnormal losses or to be used in connection with the activities of the co-operative as specifically provided for in its regulations;

“trading co-operative” or “co-operative trading society with limited liability” or “co-operative trading society” or “society” or “co-operative (in relation to a co-operative trading society)” means a **[society]** co-operative formed for all or any of the objects set out in section eleven;

“co-operative” means any agricultural co-operative, special farmers’ co-operative, trading co-operative or co-operative partnership formed for one or more objects named in sections 5, 6, 7 and 11 and the word may refer to any one, or more or all the types of co-operatives according to the meaning expressed in the particular section of the Act;

beperkte aanspreeklikheid", 'n koöperasie opgerig vir een of meer van die in artikel sewe vermelde doeleindes; „landboukoöperasies” of „koöperatiewe landbouvereniging met onbeperkte aanspreeklikheid” of „koöperatiewe landbouvereniging” of „vereniging” of „koöperasie” (met betrekking tot 'n koöperatiewe landbouvereniging), 'n **[vereniging]** koöperasie opgerig vir een of meer van die in artikel **[ses]** vyf vermelde doeleindes, of 'n „landboukoöperasie met beperkte aanspreeklikheid” of „koöperatiewe landboumaatskappy met beperkte aanspreeklikheid” of „koöperatiewe landboumaatskappy” of „maatskappy” of „koöperasie (met betrekking tot 'n koöperatiewe landboumaatskappy), 'n **[maatskappy]** koöperasie opgerig vir een of meer van die in artikel **[ses]** vyf vermelde doeleindes;

„lening” 'n bedrag opgeneem of geleen in die vorm van lenings terugbetaalbaar op 'n vasgestelde datum of in paaiemente of in die vorm van bankoortrekkings of kaskredietrekenings of in die vorm van uitgereikte obligasies en lenings sluit nie ledefondse gestig kragtens subartikel (8) van artikel 25 in nie;

„Minister” die Minister van Landbou **[-**ekonomie en **-**bemaking];

„modelstatuut” **[modelregulasies]**, die **[modelregulasies]** modelstatuut deur die Minister kragtens artikel veertien voorgeskrywe;

„obligasie” bedoel ook „skuldbrief”;

„raad” die raad van direkteure van 'n **[vereniging of maatskappy]** koöperasie;

„Registrateur”, die Registrateur van **[Koöperatiewe Verenigings]** Koöperasies aangestel kragtens artikel **[drie]** twee;

„regulasies” **[met betrekking tot 'n vereniging of maatskappy, die ingevolge hierdie Wet geregistreerde regulasies of wysigings of aanvullings daarvan;]** die statuut van 'n koöperasie;

„Sekretaris” die Sekretaris van Landbou-ekonomie en **-**bemaking;

„sentrale handelskoöperasie” of „sentrale koöperatiewe handelsmaatskappy met beperkte aanspreeklikheid” of „sentrale koöperatiewe handelsmaatskappy” of „sentrale maatskappy” of „maatskappy” (met betrekking tot 'n sentrale koöperatiewe handelsmaatskappy) 'n **[maatskappy]** sentrale handelskoöperasie opgerig kragtens die bepalinge van artikel **[vier-en-vyftig]** sestig;

„sentrale landboukoöperasie” of „sentrale koöperatiewe landboumaatskappy met beperkte aanspreeklikheid” of „sentrale koöperatiewe landboumaatskappy” of „sentrale maatskappy” of „maatskappy” (met betrekking tot 'n sentrale koöperatiewe landboumaatskappy), 'n sentrale **[koöperatiewe landboumaatskappy]** landboukoöperasie opgerig kragtens die bepalinge van artikel **[drie-]** nege-en-vyftig;

„sentrale spesiale boerekoöperasie” of „sentrale spesiale koöperatiewe boeremaatskappy met beperkte aanspreeklikheid” of „sentrale koöperatiewe boeremaatskappy” of „sentrale maatskappy” of „maatskappy” (met betrekking tot 'n sentrale spesiale koöperatiewe boeremaatskappy), 'n sentrale spesiale **[koöperatiewe boeremaatskappy]** boere-koöperasie opgerig kragtens die bepalinge van artikel **[drie-]** nege-en-vyftig;

“co-operative partnership” or “co-operative partnership with unlimited liability” or “co-operative partnership with limited liability” means a co-operative formed for one or more of the objects named in section *seven*;

“agricultural co-operative” or “co-operative agricultural society with unlimited liability” or “co-operative agricultural society” or “society” or “co-operative” (in relation to a co-operative agricultural society)” means a **[society]** co-operative formed for all or any of the objects set out in section **[six]** *five*. An “agricultural co-operative with limited liability” or “co-operative agricultural company with limited liability” or “co-operative agricultural company” or “company” or “co-operative” (in relation to a co-operative agricultural company) means a co-operative formed for all or any of the objects set out in section **[six]** *five*;

“loan” means any amount raised or borrowed in the form of loans repayable on a fixed date or in instalments, or in the form of overdrafts or cash credit accounts or in the form of debentures issued, and loans does not include members’ funds formed in terms of subsection (8) of section 25;

“Minister” means the Minister of Agriculture **[Economics and Marketing]**;

“model regulations” means the model regulations prescribed by the Minister under section *fourteen*;

“board” means the board of directors of a **[society or company]** co-operative;

“Registrar” means the Registrar of **[Co-operative Societies]** Co-operatives appointed under section **[three]** *two*;

“Secretary” means the Secretary for Agricultural Economics and Marketing;

“central trading co-operative” or “central co-operative trading company with limited liability” or “central co-operative trading company” or “central company” or “company” (in relation to a central co-operative trading company) means a **[company]** central trading co-operative formed under the provisions of section **[fifty-four]** *sixty*;

“central agricultural co-operative” or “central co-operative agricultural company with limited liability” or “central co-operative agricultural company” or “central company” or “company” (in relation to a central co-operative agricultural company) means a central **[co-operative agricultural company]** agricultural co-operative formed under the provisions of section **[fifty-three]** *fifty-nine*;

“central special farmers’ co-operative” or “central farmers’ special co-operative company with limited liability” or “central farmers’ special co-operative company” or “central company” or “company” (in relation to a central farmers’ special co-operative company) means a central special **[co-operative farmers’ company]** farmers’ co-operative formed under the provisions of section **[ninety-three]** *ninety-five*;

“special farmers’ co-operative” or a “farmers special co-operative company with limited liability” or “farmers’ special co-operative company” or “company” or “co-operative” (in relation to farmers’ special co-operative company) means a **[company]** co-operative formed for all or any of the objects set out in section **[seven]** *six*;



„spesiale boerekoöperasie” of ’n „spesiale koöperatiewe boeremaatskappy met beperkte aanspreeklikheid” of „spesiale koöperatiewe boeremaatskappy” of „maatskappy” of „koöperasie” (met betrekking tot ’n spesiale koöperatiewe boeremaatskappy), ’n **maatskappy** koöperasie opgerig vir een of meer van die in artikel **[sewe]** ses vermelde doeleindes;

„statuut” met betrekking tot ’n koöperasie, die in-gevolge hierdie Wet geregistreerde statuut (regulasies) of wysigings of aanvullings daarvan;

„tak” ’n plek waar ’n koöperasie, inagnemende die bepalings van sy statute, enige of al sy doelstellings kan uitvoer;

„voorsiening” ’n bedrag wat afgeskryf of behou word by wyse van voorsiening vir hernuwing of vermindering in waarde van ’n bate of teruggehou word by wyse van voorsiening vir ’n bekende aanspreeklikheid waarvan die bedrag nie met redelike juistheid bepaal kan word nie;

„wesenslik” enigiets betekenisvol met betrekking tot die omstandighede van toepassing op die koöperasie.

Aanstelling van  
registrateur van  
koöperasies.

**[3.] 2.** (1) Die **[Goewerneur-generaal]** Minister kan van tyd tot tyd, met inagneming van die wette wat die Staatsdiens van die **[Unie]** Republiek reël, ’n amptenaar aanstel genoem die Registrateur van **[Koöperatiewe Verenigings]** Koöperasies.

(2) Vir die registrasie van **[koöperatiewe verenigings en maatskappye]** koöperasies en vir die ander doeleindes van hierdie Wet, word in Pretoria ’n kantoor gestig, wat deur die registrateur bestuur word.

(3) Die registrateur moet in die deur die Minister van tyd tot tyd voorgeskrewe vorm ’n register hou van **[verenigings en maatskappye]** koöperasies geregistreer kragtens een of ander bepaling van hierdie Wet, en moet die bevoegdhede uitoefen en die pligte vervul wat deur hierdie Wet of ’n wysiging daarvan aan hom opgedra word.

**[(3)bis]** (4) Die registrateur oefen die bevoegdhede en voer die pligte uit wat deur hierdie Wet aan hom opgedra word onderworpe aan die beheer en voorskrifte van die Sekretaris, wat ’n beslissing waartoe die registrateur geraak het, kan omverwerp en self enige bevoegdheid kan uitoefen en enige plig kan uitvoer wat ingevolge hierdie Wet aan die registrateur opgedra word.

**[(4)]** (5) Die **[Goewerneur-generaal]** Minister kan van tyd tot tyd, met inagneming van die wette wat die Staatsdiens van die **[Unie]** Republiek reël, ’n amptenaar aanstel genoem die Assistent-Registrateur van **[Koöperatiewe Verenigings]** Koöperasies.

**[(5)]** (6) Die assistent-registrateur is bevoeg om, onderworpe aan die beheer en voorskrifte van die registrateur enige handeling te verrig wat wettig deur die registrateur verrig kan word.

(7) Die registrateur en assistent-registrateur kan aan ’n beampte in die Staatsdiens sekere van die bevoegdhede delegeer en enige van die pligte opdra wat aan hulle deur hierdie Wet toegewys is.

**[(6)]** (8) Wanneer in ’n wet na ’n registrateur van koöperatiewe verenigings aangestel kragtens ’n wet wat deur hierdie Wet herroep word, **[vermeld]** verwys word, word die registrateur van **[koöperatiewe verenigings]** koöperasies aangestel kragtens hierdie artikel geag bedoel te wees.

## HOOFSTUK I

### OPRIGTING VAN KOÖPERASIES

Oprigting van  
koöperasies kragtens  
hierdie Wet.

**[4.] 3.** Mits hulle voldoen aan die bepalings wat hierna volg en onderworpe aan die vetoreg wat hierna aan die Minister verleen word—



“regulations” means in relation to a **[society or company]** co-operative the regulations or any alterations thereof or additions thereto registered in accordance with this Act;

“branch” means a place where a co-operative, in observance of the provisions of its regulations, may carry on the activities prescribed in any or all of its objects;

“provision” means an amount of money which is written off or kept by way of provision for depreciation in value of an asset or replacement thereof or which is retained by way of provision for a known liability the amount whereof cannot be determined with reasonable accuracy;

“material” means any significant matter having a bearing on circumstances applying to the co-operative.

**[3.] 2.** (1) Subject to the provisions of the laws governing the public service of the **[Union]** Republic the **[Governor-General]** Minister may from time to time appoint an officer styled the Registrar of Co-operatives **[Societies]**. Appointment of registrar of co-operatives.

(2) There shall be established in Pretoria an office for the registration of co-operatives **[societies and companies]** and for the other purposes of this Act, which shall be under the control of the registrar.

(3) The registrar shall keep, in the form from time to time prescribed by the Minister, a register of **[societies and companies]** co-operatives registered under any provision of this Act and exercise the powers and perform the duties assigned to him by this Act or any amendment thereof.

**[(3)bis]** (4) The registrar shall exercise the powers and perform the duties assigned to him by this Act subject to the control and directions of the Secretary, who may reverse any decision arrived at by the registrar and may himself exercise any power and perform any duty assigned to the registrar under this Act.

**[(4)]** (5) Subject to the provisions of the laws governing the public service of the **[Union]** Republic, the **[Governor-General]** Minister may from time to time appoint an officer styled the Assistant Registrar of Co-operatives **[Societies]**.

**[(5)]** (6) The assistant registrar shall have power, subject to the control and directions of the registrar, to do anything which may lawfully be done by the registrar.

(7) The registrar and assistant registrar may delegate to an official in the Public Service certain powers granted them and any of the duties laid on them under this Act.

**[(6)]** (8) When in an Act reference is made to a registrar of co-operative societies appointed under an act which has been repealed by this Act it shall be considered to be reference to a registrar of **[co-operative societies]** co-operatives appointed under this section.

## CHAPTER I

### FORMATION OF CO-OPERATIVES

**[4.] 3.** Subject to compliance with the provisions hereinafter contained and subject also to the right of veto hereinafter conferred upon the Minister— Formation of co-operatives under this Act.

- (a) kan sewe of meer mense, as hulle kragtens hierdie Wet bevoeg is om lede te word, 'n **koöperatiewe landbouvereniging** landboukoöperasie met onbeperkte aanspreeklikheid oprig;
- (b) kan sewe of meer **persone, inbegrepe 'n maatskappy wat ingevolge een of ander wet as sulks met regspersoonlikheid beklee of geregistreer is, of 'n vereniging van persone, hetsy met regspersoonlikheid beklee al dan nie** mense as hulle kragtens hierdie Wet bevoeg is om lede te word, 'n **koöperatiewe landboumaatskappy** landboukoöperasie met beperkte aanspreeklikheid oprig;
- (c) kan sewe of meer **persone, inbegrepe 'n maatskappy wat ingevolge een of ander wet as sulks met regspersoonlikheid beklee of geregistreer is, of 'n vereniging van persone, hetsy met regspersoonlikheid beklee al dan nie** mense as hulle kragtens hierdie Wet bevoeg is om lede te word, 'n spesiale **koöperatiewe boeremaatskappy** boerekoöperasie met beperkte aanspreeklikheid oprig;
- (d) kan vyf-en-twintig of meer mense 'n koöperatiewe handelsvereniging met beperkte aanspreeklikheid oprig; Met dien verstande dat so 'n vereniging deur sewe of meer mense opgerig kan word, mits dit opgerig word met die doel om volgens 'n koöperatiewe stelsel een of ander handelsartikel te vervaardig en van die hand te sit;
- (e) kan enige twee of meer mense as hulle kragtens hierdie Wet bevoeg is om lede te word, 'n koöperatiewe deelgenootskap oprig.

Bevoegdheid tot lidmaatskap.

**15.1 4** (1) Behoudens die bepalinge van subartikels (4) en (5) is niemand behalwe—

- (a) 'n persoon wat vir eie rekening in die **Unie** Republiek boerdery beoefen, hetsy alleen of saam met iemand anders of **in verband met** tesame met 'n ander besigheid, beroep of bedryf;
- (b) 'n munisipaliteit of 'n plaaslike bestuur of 'n soortgelyke liggaam wat in die Republiek boerdery beoefen; of
- (c) 'n kragtens hierdie Wet geregistreerde landboukoöperasie of spesiale boerekoöperasie of koöperatiewe deelgenootskap; of
- (d) 'n deur die Minister goedgekeurde handelskoöperasie,

bevoeg om lid van 'n **koöperatiewe landbouvereniging** landboukoöperasie met onbeperkte aanspreeklikheid of **van 'n koöperatiewe landboumaatskappy** met beperkte aanspreeklikheid te word nie.

(2) Behoudens die bepalinge van subartikel (4), is niemand behalwe—

- (a) 'n persoon wat vir eie rekening in die **Unie** Republiek boerdery beoefen, hetsy alleen of saam met iemand anders of **in verband** tesame met 'n ander besigheid, beroep of bedryf; of
- (b) 'n deur die Minister goedgekeurde persoon wat landbouprodukte, **en** lewende hawe en lewendehaweprodukte hanteer, behandel of van die hand sit; of
- (c) 'n deur die Minister goedgekeurde landbou-assosiasie; of
- (d) 'n munisipaliteit, plaaslike bestuur of 'n soortgelyke liggaam wat in die Republiek boerdery beoefen; of
- (e) 'n kragtens hierdie Wet geregistreerde landboukoöperasie of spesiale boerekoöperasie; of
- (f) 'n deur die Minister goedgekeurde handelskoöperasie

bevoeg om lid van 'n spesiale **koöperatiewe boeremaatskappy** boerekoöperasie met beperkte aanspreeklikheid te word nie.

- (a) any seven or more human beings, if qualified in terms of this Act for membership, may form an **[a co-operative agricultural society]** agricultural co-operative with unlimited liability;
- (b) any seven or more **[persons, including any company incorporated or registered as such under any law, or any body of persons, corporate or unincorporate]** human beings, if qualified under this Act for membership, may form **[a co-operative agricultural company]** an agricultural co-operative with limited liability;
- (c) any seven or more **[persons, including any company incorporated or registered as such under any law, or any body of persons, corporate or unincorporate]**, human beings, if qualified under this Act for membership may form a special **[co-operative farmers' company]** farmers' co-operative with limited liability;
- (d) any twenty-five or more human beings may form a **[co-operative trading society]** trading co-operative with limited liability: Provided that if such society is formed for the purpose of manufacturing and disposing of any commodity under a co-operative system it may be formed by seven or more human beings;
- (e) any two or more human beings, if qualified in terms of this Act for membership, may form a co-operative partnership.

**[5.] 4.** (1) Subject to the provisions of subsections (4) and (5), Qualification for membership.  
no person other than—

- (a) a person carrying on farming operations for the benefit of himself in the **[Union]** Republic either exclusively or in conjunction with some other person or some other business, profession or occupation;
- (b) a municipality, local authority or similar body carrying on farming operations in the Republic; or
- (c) an agricultural co-operative or special farmers' co-operative or co-operative partnership registered under this Act; or
- (d) a trading co-operative approved by the Minister,  
is qualified for membership of **[a co-operative agricultural society]** an agricultural co-operative with unlimited liability or **[of co-operative agricultural company]** limited liability.

(2) Subject to the provisions of subsection (4), no person other than—

- (a) a person carrying on farming operations for the benefit of himself in the **[Union]** Republic, either exclusively or in conjunction with some other person or some other business, profession or occupation; or
- (b) a person handling, treating or disposing of agricultural products, livestock or livestock products and approved by the Minister; or
- (c) an agricultural association approved by the Minister; or
- (d) a municipality, local authority or similar body which carries on farming operations in the Republic; or
- (e) an agricultural co-operative or special farmers' co-operative registered under this Act; or
- (f) a trading co-operative approved by the Minister,  
is qualified for membership of a **[farmers' special co-operative company]** special farmers' co-operative with limited liability.

(3) Geen maatskappy wat as sulks ingevolge een of ander wet met regspersoonlikheid bekleed of geregistreer is, en geen vereniging van persone, hetsy al dan nie met regspersoonlikheid bekleed, en geen van die in paragrafe (b), (c) en (d) van subartikel (1) genoemde liggame of koöperasies is bevoeg om lid van 'n **koöperatiewe landbouvereniging** landboukoöperasie met onbeperkte aanspreeklikheid of 'n koöperatiewe deelgenootskap met onbeperkte aanspreeklikheid te word nie.

(4) Behoudens die bepalings van subartikel (3), en met toestemming van die Minister is—

(a) 'n koöperasie geregistreer in 'n onafhanklike staat binne of buite die grense van die Republiek of;

(b) enigiemand wat vir eie rekening in **Swasieland, Suid-Rhodesië, Noord-Rhodesië, die Betsjoeana-land-Protectoraat of die mandaatgebied Suidwes-Afrika** 'n onafhanklike staat binne of buite die grense van die Republiek boerdery beoefen, hetsy alleen of saam met iemand anders, of **in verband** tesame met 'n ander besigheid, beroep of bedryf,

bevoeg om lid van **'n koöperatiewe landbouvereniging met onbeperkte aanspreeklikheid of van 'n koöperatiewe landboumaatskappy met beperkte aanspreeklikheid of van 'n spesiale koöperatiewe boeremaatskappy met beperkte aanspreeklikheid** 'n landboukoöperasie of 'n spesiale boerekoöperasie met beperkte aanspreeklikheid te word.

(5) Behoudens die bepalings van subartikel (3), is enig iemand wat in die **Unie** Republiek woon, bevoeg om lid te word van 'n **vereniging of maatskappy** koöperasie opgerig vir die doeleindes soos bepaal in paragraaf (s) van subartikel (1) van artikel **ses** vyf met die doel om volgens 'n koöperatiewe stelsel te boer.

(6) Behoudens die bepalings van subartikel (3) is niemand behalwe 'n persoon wat vir eie rekening in die Republiek boerdery beoefen, hetsy alleen of saam met iemand anders of tesame met 'n besigheid, beroep of bedryf, bevoeg om lid van 'n koöperatiewe deelgenootskap te word nie.

(7) Enige persoon, 'n kragtens hierdie wet geregistreerde handelskoöperasie, gesondheids-, godsdienstige-, liefdadigheids-, maatskaplike-, ontspannings-, sosiale inrigtings of verenigings, plaaslike besture, ander liggame wat die plaaslike publiek dien of koöperatiewe deelgenootskap en enige deur die Minister goedgekeurde landbou- of spesiale boerekoöperasie is bevoeg om lid te word van 'n handelskoöperasie met beperkte aanspreeklikheid.

Doeleindes waarvoor 'n landboukoöperasie opgerig kan word.

**16.1 5.** (1) Behoudens die bepalings van hierdie Wet, kan 'n **koöperatiewe landbouvereniging met onbeperkte aanspreeklikheid en 'n koöperatiewe landboumaatskappy met beperkte aanspreeklikheid** landboukoöperasie vir een of meer van die volgende doeleindes opgerig word, **[te wete]**—

(a) om op die mees voordelige wyse die landbouprodukte of lewendehaweprodukte of lewende hawe van sy lede van die hand te sit;

(b) om die landbou- of lewendehaweprodukte van sy lede te verwerk of bewerk en om die aldus verwerkte of gedeeltelik verwerkte produkte op die mees voordelige wyse van die hand te sit;

(c) om **landbougereedskap en -masjinerie, lewende hawe, voedingstowwe, saad, vrugtebome, misstowwe en ander boerderybenodigdhede** boerderybenodigdhede vir die beoefening van 'n boerdery onderneming ten behoeve van sy lede aan te koop of op ander wyse te verkry en aan hulle te lewer;

(d) om boerderybenodigdhede vir die beoefening van 'n boerdery onderneming **landbougereedskap en -masjinerie, voedingstowwe, misstowwe of ander boerderybenodigdhede** te vervaardig of te bewerk;



(3) No company incorporated or registered as such under any law, and no body of persons, corporate or unincorporate and none of the bodies or co-operatives named in paragraphs (b), (c) and (d) of subsection (1) shall be qualified to become a member of an **co-operative agricultural society** agricultural co-operative with unlimited liability or a co-operative partnership with unlimited liability.

(4) Subject to the provisions of subsection (3) and with the approval of the Minister—

- (a) a co-operative registered in an independent state within or outside the borders of the Republic; or
- (b) any person carrying on farming operations for the benefit of himself in [Swaziland, Southern Rhodesia, Northern Rhodesia, the Bechuanaland Protectorate or the mandated territory of Southwest Africa] an independent state within or outside the borders of the Republic, either exclusively or in conjunction with some other person or some other business, profession or occupation,

is qualified for membership of [a co-operative agricultural society with unlimited liability or of a co-operative agricultural society with limited liability or of a farmers' special co-operative company with limited liability] an agricultural co-operative or a special farmers' co-operative with limited liability.

(5) Any person resident in the **[Union] Republic** shall subject to the provisions of subsection (3), be qualified to be a member of a **[society or company] co-operative** formed as provided in paragraph (5) of subsection (1) of section **[six] five** for the purpose of farming under a co-operative system.

(6) Subject to the provisions of subsection 3, no person other than a person carrying on farming operations for his own benefit in the Republic, either exclusively or in conjunction with some other person or some other business, profession or occupation, shall be qualified for membership of a co-operative partnership.

(7) Any person, trading co-operative registered under this Act, health, religious, charitable, welfare, recreation and social organization or society, local authority, other body serving the local public, co-operative partnership and, if approved by the Minister, any such approved agricultural or special farmers' co-operative is qualified for membership of a trading co-operative with limited liability.

**[6.] 5. (1) [A co-operative agricultural society with unlimited liability and a co-operative agricultural company with limited liability] An agricultural co-operative may, subject to the provisions of this Act, be formed for all or any of the following objects—**

Objects for which an agricultural co-operative can be formed.

- (a) to dispose of the agricultural or livestock products or livestock of its members in the most profitable manner;
- (b) to manufacture or treat the agricultural or livestock products of its members and to dispose of the products so manufactured or partly manufactured in the most profitable manner;
- (c) to purchase or otherwise acquire on behalf of, and to supply to, its members **[agricultural implements and machinery, livestock, feeding stuffs, seeds, fruit trees, manure and other farming requisites]** farming requisites for the carrying on of a farming undertaking;
- (d) to manufacture or treat **[agricultural implements and machinery, feeding stuffs, manure or other farming requisites]** farming requisites for the carrying on of a farming undertaking;

- (e) om ten behoeve van sy lede landbougereedskap of -masjinerie aan te koop of op ander wyse te verkry of te huur, en te gebruik;
- (f) om gebruikte landbougereedskap en -masjinerie namens sy lede van die hand te sit;
- (g) om beskermende klere en toerusting, benodig vir boerderydoeleindes ten behoeve van sy lede aan te koop of op 'n ander wyse te verkry en aan hulle te lewer;
- (h) om ten behoeve van sy lede herstelwerk van landbougereedskap en -masjinerie te onderneem;
- (i) om krag en water te voorsien en die nodige benodigdhede daarvoor ten behoeve van sy lede aan te koop of op ander wyse te verkry en aan hulle te lewer;
- [(f)]** (j) om ten behoeve van sy lede aanteelvennoot aan te koop of op ander wyse te verkry of te huur, en te gebruik en te beheer;
- (k) om veeartsenydienste, kunsmatige inseminasie- en inovuleringdienste vir lewende hawe en melkaantekeningdienste volgens 'n koöperatiewe stelsel ten bate van sy lede te onderneem en voort te sit;
- [(h)]** (l) om koelkamers vir die produkte van sy lede aan te koop, te bou of op ander wyse te verkry, of te huur, en beskikbaar te stel;
- [(i)]** (m) om bespuiting of skoonmaak van boomgaarde, verpakking van vrugte, ploeg- en enige ander boerderywerkzaamhede en die vervoer van produkte en boerderybenodigdhede volgens 'n koöperatiewe stelsel ten bate van sy lede te onderneem en voort te sit;
- [(j)]** (n) om volgens 'n koöperatiewe stelsel verskeppings-, uitklarings- en versendingswerk ten behoeve van sy lede te verrig en om vir daardie doel agent-skappe in die **[Unie]** Republiek en elders te stig;
- (o) om vir sy lede arbeiders te werf en beskikbaar te stel;
- (p) om met goedkeuring van die Minister plaaseien-domtransaksies namens sy lede te onderneem en met goedkeuring van die Minister in die geval van die algehele uitverkoop van die bates van 'n lid ook sy roerende bates van die hand te sit;
- (q) om versekering van oeste, produkte, lewende hawe, geboue op plase **[landbougereedskap en -masjinerie]** boerderybenodigdhede of die ander versekering wat die Minister goedkeur volgens 'n koöperatiewe stelsel te onderneem en voort te sit, of om as agent vir enige van sy lede ten opsigte van sodanige versekering op te tree;
- [(q)bis]** (r) om as agent vir sy lede op te tree ten opsigte van hul versekeringsbesigheid met versekeraars in-gevolge 'n reëling waarkragtens enige bedrag wat by so 'n lid se dood of die plaasvind van enige ander gebeurtenis betaalbaar word, aan die **[vereniging of maatskappy]** koöperasie ten behoeve van die lid oorbetaal word en die **[vereniging of maatskappy]** koöperasie geregtig is om 'n bedrag dan deur die lid aan hom nog verskuldig, af te trek van die bedrag aldus aan hom oorbetaal;
- (s) om boerdery ondernemings te drywe en om die produkte van sodanige ondernemings volgens 'n koöperatiewe stelsel van die hand te sit;
- (t) om rekeningkundige- en statistiese dienste aan sy lede beskikbaar te stel;
- (u) om as agent vir sy lede op te tree ten opsigte van 'n pensioenfonds, kragtens die Pensioenfondswet (No.



- (e) to purchase or otherwise acquire or to hire, and to operate on behalf of its members, agricultural implements or machinery;
- (f) to dispose of on behalf of its members used agricultural implements and machinery;
- (g) to purchase or otherwise acquire on behalf of, and to supply to, its members protective clothing and equipment required for farming operations;
- (h) to undertake the repair of agricultural implements and machinery on behalf of its members;
- (i) to provide power and water and to purchase or otherwise acquire, and to supply the necessary accessories required therefor to its members;
- [(f)] (j) to purchase or otherwise acquire, or to hire, and to use and control on behalf of its members breeding stock;
- (k) to undertake and carry on veterinary, artificial insemination and ino-vulation services for livestock and to carry on milk-recording services, under a co-operative system, for the benefit of its members;
- [(h)] (l) by purchase, construction or otherwise to acquire, or to hire, and make available, cold storage for the products of its members;
- [(i)] (m) to commence and carry on orchard spraying or cleansing, fruit packing, ploughing and any other farming operations, and the transport of produce and farming requisites for its members under a co-operative system;
- [(j)] (n) to carry on the business of shipping, clearing and forwarding for its members under a co-operative system, and for that purpose to establish agencies in the [Union] Republic and elsewhere;
- (o) to recruit and supply labourers for its members;
- (p) to handle farm real estate transactions, for its members and in the case of the total disposal of the assets of a member, to dispose of his movable assets as well, if approved by the Minister;
- (q) to commence and carry on under a co-operative system the insurance of crops, produce, livestock, buildings on farms or [agricultural implements and machinery] farming requisites or such other insurance as the Minister may approve, or to act as the agent of any of its members in respect of such insurance;
- [(q)bis] (r) to act as the agent of its members in respect of their insurance business with insurers in terms of any arrangement whereunder any amount becoming payable at the death of any such member or the happening of any other event is to be paid over to the [society or company] co-operative on behalf of such member and the [society or company] co-operative will be entitled to deduct from the amount so paid over to it, any amount then still owing to it by such member;
- (s) to carry on farming operations and to dispose of the products of such operations under a co-operative system;
- (t) to make accounting and statistical services available to its members;
- (u) to act as agent for its members in respect of any pension fund registered under the Pension Funds

24 van 1956) geregistreer en 'n mediese skema |  
kragtens die Wet op Mediese Skemas (No. 72 van |  
1967) geregistreer;

[(w)] (v) om alle ander dinge te doen wat volgens oordeel  
van die Minister aan die verwesenliking van  
bovermelde doeleindes verbonde is of daartoe sal  
bydra.

(2) Behoudens die bepalings van hierdie wet besit elke land-  
boukoöperasie, behalwe die bevoegdhede wat uitdruklik uitge-  
sluit of gekwalifiseer word in sy statuut, die volgende bevoegd-  
hede om hom in staat te stel om sy doelstellings te verwesenlik—

[(1) (g)] (a) om volgens 'n koöperatiewe stelsel winkels te  
verkry, te open en aan te hou om landbou- en  
lewendehaweprodukte, **landbougereedskap en**  
**-masjinerie** en boerderybenodigdhede van die  
hand te sit en te lewer;

[(1) (k)] (b) om **bekwame** persone aan te stel om sy  
doeleindes uit te voer en sy lede te onderrig en met  
advies te dien aangaande boerdery;

[(1) (l)] (c) om inligting in te win en te versprei aangaande die  
beste manier om op voordelige wyse te boer;

[(1) (m)] (d) om inligting aangaande die wêreldmarke en aan-  
gaande koöperasie in die algemeen in te win en te  
versprei;

[(1) (n)] (e) om roerende en onroerende goed te verkry deur  
aankoop of op ander wyse, en te huur, ten einde  
een of ander doel van die **vereniging of maat-**  
**skappy** koöperasie beter te kan uitvoer, en om  
sulke goed van die hand te sit of te verhuur;

[(1) (p)] (f) om geld op lening op te neem vir enigeen van die  
wettige doeleindes van die **vereniging of maat-**  
**skappy** koöperasie en te dien einde die roerende  
en onroerende **goed** bates van die **vereniging**  
**of maatskappy** koöperasie te verhipotekeer.

(g) om die gelde van die koöperasie wat nie onmid-  
dellik benodig word nie, veilig te belê;

[(t)] (h) om aan sy lede geld voor te skiet op produkte of  
lewende hawe of lewendehaweprodukte wat deur  
hulle aan hom afgelewer is;

[(1) (u)] (i) om aan sy lede geld voor te skiet op produkte wat  
nie deur hulle aan hom afgelewer is nie, hetsy  
daardie produkte reeds voortgebring of ingesamel is  
of nog voortgebring of ingesamel moet word, al  
dan nie, of op lewende hawe of lewendehawepro-  
dukte wat nie aldus afgelewer is nie;

[(1) (v)] (j) om, behoudens die bepalings van subartikel [(2)]  
(3), namens of ten behoeve van 'n beheerende raad  
wat 'n skema volgens die Bemarkingswet, [1937]  
1968, of 'n wysiging daarvan, uitvoer, te handel  
met landbouprodukte, lewende hawe of lewendeha-  
weprodukte waarop daardie skema betrekking het,  
of dit te hanteer, op te berg of te behandel en  
algemeen namens of ten behoeve van so 'n raad op  
te tree;

[(1) (r)] (k) om deur aankoping of op ander wyse aandele te  
verwerf in 'n sentrale of federale **koöperatiewe**  
**landboumaatskappy** landboukoöperasie of 'n  
sentrale of federale spesiale **koöperatiewe boere-**  
**maatskappy** boerekoöperasie opgerig kragtens  
die bepalings van Hoofstuk VI van hierdie Wet, of  
in 'n ander **koöperatiewe landboumaatskappy**  
landboukoöperasie met beperkte aanspreeklikheid  
of 'n spesiale **koöperatiewe boeremaatskappy**  
boerekoöperasie met beperkte aanspreeklikheid  
geregistreer ingevolge hierdie Wet of in 'n deur die  
Minister goedgekeurde **koöperatiewe handels-**

Act No. 24 of 1956 and any medical scheme registered under the Medical Schemes Act No. 72 of 1967;

- (v) to do all such other things as in the opinion of the Minister are incidental or conducive to the attainment of any of the above-mentioned objects.

(2) Subject to the provisions of this Act, every agricultural co-operative shall have, except for those powers, expressly excluded or qualified in its regulations, the following powers to enable it to realize its objects—

- [(1) (g)] (a)** to acquire, commence and carry on supply stores under a co-operative system for disposing of and supplying agricultural and livestock products and farming requisites;
- [(1) (k)] (b)** to engage persons to carry out any of its objects and to give instruction and advice to its members on farming operations;
- [(1) (l)] (c)** to acquire and distribute information as to the best manner of carrying on farming operations profitably;
- [(1) (m)] (d)** to acquire and distribute information on the markets of the world, and on co-operation in general;
- [(1) (n)] (e)** to acquire by purchase or otherwise, and to hire, moveable and immovable property for the better carrying out of any of the objects of the **[society or company] co-operative** and to dispose of or let such property;
- [(1) (p)] (f)** to raise money on loan for any of the lawful objects of the **[society or company] co-operative** and for that purpose to mortgage the movable and immovable property of the **[society or company] co-operative**;
- (g)** to invest safely those monies of the co-operative not immediately required;
- [(t)] (h)** to advance money to its members on produce or livestock or livestock products delivered by them to it;
- [(1) (u)] (i)** to advance money to its members on produce not delivered by them to it, whether or not that produce has been or is still to be produced or gathered, or on livestock or livestock products not so delivered;
- [(1) (v)] (j)** subject to the provisions of subsection **[(2)] (3)** to deal in, handle, store or treat for or on behalf of any regulatory board which administers a scheme under the Marketing Act, **[1937] 1968**, or any amendment thereof, any agricultural products, livestock or livestock products to which that scheme relates and generally to act for or on behalf of any such board; and
- [(1) (r)] (k)** to acquire by purchase or otherwise shares in any central or federal **[co-operative agricultural company] agricultural co-operative** or any central or federal special **[farmers' special co-operative company] farmers' co-operative** formed under the provisions of Chapter VI of this Act, or in any other **[co-operative agricultural company] agricultural co-operative** with limited liability or special **[farmers' special co-operative company] farmers' co-operative** with limited liability registered under this Act, or in any **[co-operative trading society]**

**vereniging**] handelskoöperasie of sentrale of federale **[koöperatiewe handelsmaatskappy]** handelskoöperasie geregistreer ingevolge hierdie Wet of in 'n deur die Minister goedgekeurde maatskappy met regs persoonlikheid en geregistreer ingevolge 'n ander Wet: Met dien verstande dat die Minister na goeë dunnke enige voorwaardes waaronder die aandele in sodanige maatskappy gehou mag word kan stel en dat hy kan bepaal watter aktiwiteite en waar dit deur die maatskappy verrig mag word solank die koöperasie aandele daarin hou;

- (l) om behoudens die bepalings van artikel *sewen-twentig* van hierdie Wet lenings aan en waarborge namens ondernemings waarin die koöperasie aandele opgeneem het te verskaf;
- (m) om met die goedkeuring van die Minister behuissings- en ontspanningsfasiliteite aan sy werknemers te voorsien;
- (n) om alle ander bevoeghede, wat volgens oordeel van die Minister aan die verwesenliking van sy doelstellings verbonde is of daartoe sal bydra, uit te oefen.

**[74.] 82.** (1) When a **[society or company]** co-operative has been placed in liquidation (including provisional liquidation) all civil proceedings against the **[society or company]** co-operative shall be suspended until the appointment of a liquidator and any attachment, or execution put in force against the estate or assets of the co-operative after the commencement of the liquidation shall be void. Actions stayed on winding-up.

(2) Every person who, having instituted legal proceedings against a **[society or company]** co-operative which were suspended by a winding-up, intends to continue the same and every person who intends to institute legal proceedings for the purpose of enforcing any claim against the **[society or company]** co-operative which arose before the commencement of the winding-up shall, within three weeks after the publication in the *Gazette* of the notice referred to in subsection (4) of section **[sixty-seven]** seventy-four, or if no such notice has been published, within three weeks after he has received written notification by the liquidator of his appointment, give the liquidator not less than three weeks' notice in writing before continuing or commencing the proceedings. In default thereof the proceedings shall be considered to be abandoned unless the court

hof bevind dat daar redelike verontskuldiging vir die versuim bestaan het en die voortsetting of instelling van die geding toestaan op voorwaardes of andersins, soas hy goedvind.

Toepassing van  
Insolvensiewet, 1936.

**83. (1)** Die bepalings van die ondergenoemde artikels van die Insolvensiewet, 1936 (Wet No. 24 van 1936), is vir sover as wat hulle toegepas kan word en nie in stryd met die bepalings van hierdie Wet is nie, van toepassing op 'n likwidasië van 'n koöperasie; te wete—artikels 35, 36, 37, 38, 46, 50, 84, 85, 87, 88, 89 en 98 tot 102.

(2) By die toepassing van dié artikels van die Insolvensiewet, 1936, ingevolge subartikel (1) van hierdie artikel, word 'n verwysing in enige van gemelde artikels van daardie Wet—

- (a) na die insolvent of 'n boedel van 'n insolvent uitgelê as 'n verwysing na die betrokke koöperasie of die boedel van die betrokke koöperasie;
- (b) na die Meester, uitgelê as 'n verwysing na die Registrateur van Koöperasies;
- (c) na die kurator van 'n insolvente boedel, uitgelê as 'n verwysing na die likwidateur van sodanige koöperasie;
- (d) na 'n krediteur wat 'n eis teen 'n insolvente boedel bewys het, uitgelê as 'n verwysing na 'n persoon wat 'n eis teen sodanige koöperasie het;
- (e) na die besigheid of sake of goed van 'n insolvent, uitgelê as 'n verwysing na die besigheid of sake of goed van sodanige koöperasie;
- (f) na 'n persoon wat iets skuld aan 'n insolvente boedel, uitgelê as 'n verwysing na 'n persoon wat iets aan sodanige koöperasie skuld;
- (g) na die sekwestrasie van 'n insolvente boedel, uitgelê as 'n verwysing na die aanvang van die likwidasië van sodanige koöperasie.

Bewys van vorderings  
teen bates van  
koöperasie in  
likwidasië.

**84. (1)** 'n Skuldeiser of 'n verteenwoordiger van 'n skuldeiser wat 'n eis teen die koöperasie het, waarvan die oorsaak voor die likwidasië van die koöperasie ontstaan het moet binne drie maande na die datum van bekendmaking van die aanstelling van 'n likwidateur, in 'n plaaslike koerant en die *Staatsskoerant*, sy eis teen die boedel bewys. So 'n eis moet deur middel van 'n beëdigde verklaring bewys word en moet vergesel word van stawende dokumente.

(2) Die likwidateur moet alle beskikbare boeke en stukke van die koöperasie ondersoek om na te gaan of die koöperasie wel aan die eiser die bedrag geëis verskuldig is.

(3) As die likwidateur 'n eis betwis kan die registrateur nadat die likwidateur die redes waarop hy die vordering betwis verstrekt het, die eis bekragtig of hy kan, nadat hy die eiser die geleentheid gegee het om sy eis te staaf, die eis verminder of skrap. Met dien verstande dat die vermindering of skapping die eiser nie belet om sy eis in 'n regsgeeding te bewys nie.

(4) Na bekragtiging deur die registrateur van 'n likwidasië-rekening, en distribusie- of kontribusierekening kragtens artikel twee-en-negentig mag niemand 'n regsgeeding teen daardie koöperasie in likwidasië instel nie weens 'n aanspreeklikheid wat voor so 'n likwidasië ontstaan het behalwe met goedkeuring van die registrateur.

Vertraagde bewys van  
vorderings.

**85. (1)** 'n Skuldeiser van 'n koöperasie wat nie voor die dag waarop die likwidateur van daardie boedel aan die registrateur 'n distribusierekening in daardie boedel voorgelê het 'n vordering teen daardie boedel bewys het nie, is nie geregtig om te deel in die bate wat in daardie rekening ter verdeling aangegee word nie. Met dien verstande dat die registrateur ter eniger tyd voor die bekragtiging van bedoelde rekening aan so 'n skuldeiser wat sy vordering na bedoelde dag bewys het kan toestaan om in daardie bate te deel as die registrateur oortuig is dat die skuldeiser 'n redelike verontskuldiging het vir die vertraging van die bewys van sy vordering.

(2) 'n Skuldeiser van 'n koöperasie wat 'n vordering teen daardie boedel bewys het na die dag waarop die likwidateur 'n

finds that there was a reasonable excuse for the default and allows the proceedings to continue or to be commenced on terms or otherwise as it may think fit.

83. (1) The provisions of the under mentioned sections of the Insolvency Act, 1936 (Act No. 24 of 1936), shall, in so far as they can be applied and are not inconsistent with the provisions of this Act, apply to a winding-up of a co-operative—sections 35, 36, 37, 38, 46, 50, 84, 85, 87, 88, 89 and 98 up to 102.

Application of  
Insolvency Act, 1936.

(2) In applying the sections of the Insolvency Act, 1936, referred to in subsection (1) any reference in any of these sections of that Act—

- (a) to the insolvent or estate of an insolvent shall be construed as a reference to the co-operative or the estate of the co-operative concerned;
- (b) to the master, shall be construed as a reference to the registrar of Co-operatives;
- (c) to the trustee of an insolvent estate, shall be construed as a reference to the liquidator of the co-operative concerned;
- (d) to a creditor who has proved a claim against an insolvent estate shall be construed as a reference to a person who has proved a claim against such co-operative;
- (e) to the business or affairs or property of an insolvent shall be construed as a reference to the business or affairs or property of such co-operative;
- (f) to any person indebted to an insolvent estate shall be construed as reference to a person indebted to such co-operative;
- (g) to the sequestration of an insolvent estate shall be construed as a reference to the commencement of the winding-up of such co-operative.

84. (1) A creditor or a representative of a creditor who has a claim against the co-operative, the cause of which arose before the winding-up of the co-operative must prove his claim against the estate within three months after the date of the appointment of the liquidator has been published in a local news paper and the *Gazette*. Such a claim shall be proved by affidavit and must be submitted together with supporting documents.

Proof of claims  
against assets of a  
co-operative in  
liquidation.

(2) The liquidator shall examine all available books and documents of the co-operative for the purpose of ascertaining whether the co-operative in fact owes the claimant the amount claimed.

(3) If the liquidator disputes a claim the registrar may, after the liquidator has submitted his reasons for disputing the claim, confirm the claim or he may after having afforded the claimant an opportunity to substantiate his claim, reduce or disallow the claim: Provided that such reduction or disallowance shall not debar the claimant from establishing his claim by an action at law.

(4) After confirmation by the registrar of the liquidation account and plan of distribution or plan of contribution in terms of section ninety-two no person may, except if approved by the registrar, institute a lawsuit against a co-operative in liquidation for a liability which arose before the winding-up of the co-operative.

85. (1) A creditor of a co-operative who has not proved a claim against that estate before the date upon which the liquidator of that estate submitted to the registrar a plan of distribution in that estate, shall not be entitled to share in the distribution of assets brought up for distribution in that plan: Provided that the registrar may, at any time before the confirmation of the said plan permit any such creditor who has proved his claim after the said date to share in the distribution of the said assets, if the registrar is satisfied that the creditor has a reasonable excuse for the delay in proving his claim.

Late proof of claims.

(2) A creditor of a co-operative who proved a claim against that estate after the date upon which the trustee submitted to the

distribusiërekening in daardie boedel aan die registrateur voorgelê het en aan wie nie kragtens subartikel (1) toegestaan is om op grond van daardie rekening in die bate te deel nie, is geregtig op toekenning, op grond van 'n verdere distribusiërekening wat na die bewys van sy vordering aan die registrateur voorgelê word, van die bedrag wat op grond van die vorige distribusiërekening aan hom toegeken sou geword het, as hy sy vordering bewys het voordat daardie rekening aan die registrateur voorgelê was, mits die registrateur van oordeel is dat die skuldeiser 'n redelike verontskuldiging het vir die vertraging van die bewys van sy vordering.

【Koste van likwidasië en rangorde daarvan.】

**75. (1) Die koste, onkoste en uitgawes verbonde aan die likwidasië van 'n vereniging of maatskappy, met inbegrip van die besoldiging betaalbaar aan die likwidateur, word geag inbegrepe te wees by en deel uit te maak van die laste en verpligtings van 'n vereniging of maatskappy wat kragtens hierdie Wet gelikwideer word. Sodanige koste, onkoste, uitgawes en besoldiging geniet voorkeur van betaling teenoor alle ander eise.**

**(2) Die registrateur kan al die koste, onkoste en uitgawes deur die likwidateur beloop in verband met die likwidasië van die vereniging of maatskappy, of 'n deel daarvan, verminder of ontsê, indien hy sodanige koste, onkoste of uitgawes onnodig of buitensporig ag.】**

Rangorde van kostes en eise teen bates.

**86. (1) Koste ten laste van sekuriteite—**

(„Sekuriteit” met betrekking tot die vordering van 'n skuldeiser van 'n koöperasië in likwidasië beteken goed van daardie koöperasië waarop die skuldeiser 'n preferente reg het kragtens 'n spesiale verband, stilswyende hipoteek van 'n verhuurder, pand of rentensiereg.)

Uit die opbrengs van sekuriteite word die volgende koste betaal—

- (a) die koste van instandhouding, bewaring en tegeldemaking van goed;
- (b) die likwidateur se vergoeding met betrekking tot sodanige goed;
- (c) 'n eweredige aandeel (bereken volgens die opbrengs van die goed van die boedel) van die koste, onkoste en uitgawes aan die likwidasië van die koöperasië met inbegrip van die koste van die likwidateur om sekuriteit te gee vir sy behoorlike bereddering van die boedel en enige regs- en hofkoste en onkoste aangegaan om die koöperasië in likwidasië te plaas;
- (d) enige belasting, wat daarop verskuldig is of sal word ten opsigte van enige termyn van hoogstens twee jaar wat onmiddellik die datum waarop die betrokke koöperasië in likwidasië geplaas is voorafgaan ten opsigte van die termyn vanaf daardie datum tot die datum van die transport van daardie goed deur die likwidateur met enige rente of boete wat verskuldig is op bedoelde belasting ten opsigte van enige sodanige termyn; (Die bepalings van subartikel (4) en (5) van artikel 89 van die Insolvensiewet, 1936 (Wet No. 24 van 1936) is in die verband van toepassing.)
- (e) alle op 'n versekerde vordering verskuldigde rente vir 'n tydperk van nie meer as twee jaar nie wat die datum van likwidasië onmiddellik voorafgegaan het, is ewe eens verseker asof dit 'n deel van die hoofsom was.
- (f) Die opbrengs van goed wat aan 'n spesiale verband, stilswyende hipoteek van 'n verhuurder, pandreg of retensiereg onderhewig is, word na aftrekking van die koste bedoel in paragrawe (a) tot (e) van hierdie artikel aangewend tot voldoening van die vordering wat deur daardie goed verseker is en wel volgens die rangorde van hulle preferensie. Enige oorskot wat oorbly na die vorderings en rente daarop betaal is word na die vrye oorskot oorgedra.
- (g) Indien die opbrengs van 'n sekuriteit nie voldoende is om die koste, onkoste en uitgawes in paragrawe (a) tot



registrar a plan of distribution in that estate and who was not permitted to share in the distribution of assets under that plan, in terms of subsection (1), shall be entitled to be awarded under any further plan of distribution submitted to the registrar after the proof of his claim, the amount which would have been awarded to him under the previous plan of distribution, if he had proved his claim prior to the submission of that plan to the registrar and provided that the registrar is satisfied that the creditor had a reasonable excuse for the delay in proving his claim.

**[75. (1) The costs, charges and expenses of the winding-up of any society or company, including the fees payable to the liquidator, shall be deemed to be included in, and form part of, the liabilities and obligations of any society or company wound up under this Act. Such costs, charges, expenses and fees shall be payable in priority to all other claims.]** [Costs of liquidation and priority thereof.]

(2) The registrar may reduce or disallow the whole or part of any costs, charges and expenses incurred by the liquidator in connection with the winding-up of the society or company, if in his opinion such costs, charges or expenses appear to be unnecessary or excessive.]

**86. (1) Cost to which securities are subject—**

Ranking of costs and claims against assets.

("Security", in relation to the claim of a creditor of a co-operative in liquidation, means property of the estate over which the creditor has a preferent right by virtue of any special mortgage, landlord's legal hypothec, pledge or right of retention.)

Out of the proceeds of securities the following costs are paid—

- (a) the cost of maintaining, conserving, and realizing any property;
- (b) the liquidators' remuneration in respect of any such property;
- (c) a proportionate share calculated on the proceeds of the property of the estate, of the costs, charges and expenses in connection with the liquidation of the co-operative, including the cost incurred by the liquidator to give security for his proper administration of the estate and any legal expenses incurred in winding-up the co-operative;
- (d) any tax which is or will become due thereon in respect of any period not exceeding two years immediately preceding the date of liquidation and in respect of the period from that date to the date of the transfer of that property by the liquidator, with any interest or penalty which may be due on the said tax in respect of any such period;  
(The provisions of subsections (4) and (5) of section 89 of the Insolvency Act, 1936 (Act No. 24 of 1936) are applicable in this connection).
- (e) Any interest due on a secured claim in respect of any period not exceeding two years immediately preceding the date of liquidation shall be likewise secured as if it were part of the capital sum.
- (f) The proceeds of any property which was subject to a special mortgage, landlord's legal hypothec, pledge or right of retention, after deduction therefrom of the costs mentioned in paragraphs (a) to (e) of this subsection, shall be applied in satisfying the claims secured by the said property, in their order of preference. Any surplus remaining after the claims and interest thereon have been paid is transferred to the free residue account.
- (g) If the proceeds of a security is not sufficient to defray the costs, charges and expenses mentioned in paragraphs

- (d) genoem te dek nie word die tekort uit die opbrengs van die vrye oorskot van die bates van die koöperasie betaal.
- (h) Indien 'n vordering of 'n gedeelte daarvan nie uit die opbrengs van 'n sekuriteit betaal kan word nie word die onbetaalde vordering kragtens die bepalings van paragraaf (d) van subartikel (2) van hierdie artikel, uit die vrye oorskot van die bates van die koöperasie betaal.
- (2) Rangorde van kostes en eise teen vrye oorskot:
- (a) Die vrye oorskot van bates van 'n koöperasie word, met uitsondering van die koste bedoel in paragrawe (b) en (c) van subartikel (1) en behoudens die bepalings van paragraaf (g) van subartikel (1), ten eerste aangewend om die regs- en hofkoste en onkoste om die koöperasie in likwidasie te plaas, te betaal;
- (b) daarna word die orige van die vrye oorskot aangewend ter betaling van die kostes, onkoste en uitgawes verbonde aan die likwidasie van die koöperasie, met inbegrip van die besoldiging van die likwidateur en sy onkoste om sekuriteit te gee: Met dien verstande dat die registrateur al die koste, onkoste en uitgawes deur die likwidateur beloop in verband met die likwidasie van die koöperasie of 'n deel daarvan, kan verminder of ontsê indien hy sodanige koste, onkoste of uitgawes onnodig of buitensporig ag;
- (c) die vrye oorskot word dan verder in volgorde soos bepaal in artikels 98 tot 102 van die Insolvensiewet 1936 (Wet 24 van 1936) sover dit van toepassing is, uitbetaal;
- (d) die res van die vrye oorskot word daarna behoudens die bepalings van paragraaf (h) van subartikel (1) en die bepalings van die statuut van 'n koöperasie aangewend om eweredig die bedrag daarby betrokke die volgende te betaal—
- (i) die onversekerde of anders nie-preferente vorderings wat teen die betrokke boedel bewys is;
  - (ii) bedrae aan lede verskuldig vir onversekerde lenings aan die koöperasie gemaak;
  - (iii) enige belange van lede in enige ledefondse; en
  - (iv) enige donasie of ander betalings wat kragtens die bepalings van die statuut gemaak word.

Opstelling van  
distribusierekening as  
daar 'n oorskot is.

**[76.] 87.** (1) Indien daar, nadat al die teenswoordige of voorwaardelike laste en verpligtings van 'n **[vereniging of maatskappy]** koöperasie gelikwadeer kragtens artikel **[een]** **[sewen-en-sestig]**, **[twee]** **[agt-en-sestig]** of **[drie]** **[nege-en-sestig]**, voldaan is, en die koste, onkoste, uitgawes en besoldiging bedoel in artikel **[vyf-en-sewentig]** **[ses-en-tagtig]** betaal is, en elke donasie gemaak is wat ingevolge die **[regulasies]** statuut van die **[vereniging of maatskappy]** koöperasie gemaak moet word ingeval van likwidasie, 'n oorskot van bate is, moet die likwidateur behoudens die bepalings van paragraaf (d) van hierdie subartikel 'n distribusierekening opstel vir die verdeling van sodanige oorskot plus die reserwefondse op onderstaande wyse—

- (a) in die geval van 'n **[koöperatiewe landbouvereniging]** landboukoöperasie en koöperatiewe deelgenootskap met onbeperkte aanspreeklikheid, onder die bestaande lede in verhouding met die waarde van die besigheid van elke lid met die **[vereniging]** koöperasie gedurende die voorafgaande vyftien jaar, of, as die **[vereniging]** koöperasie nie vir so 'n tydperk bestaan het nie, gedurende die bestaan van die **[vereniging]** koöperasie;
- (b) in die geval van 'n **[koöperatiewe landboumaatskappy]** landboukoöperasie met beperkte aanspreeklikheid of 'n spesiale **[koöperatiewe boere maatskappy]** boerekoöperasie met beperkte aanspreeklikheid, onder

(a) to (e) the shortfall shall be defrayed out of the proceeds of the free residue of the assets of the co-operative.

(2) Ranking of costs and claims against free-residue:

- (a) Any free residue of the assets of a co-operative shall, with the exception of the cost mentioned in paragraphs (a) to (c) of subsection (1) and subject to the provisions of paragraph (g) of subsection (1), in the first place be applied to pay the legal and Court Expenses incurred to liquidate the co-operative.
- (b) Thereafter any balance of the free residue shall be applied in defraying the costs, charges and expenses of winding-up the co-operative, including the remuneration of the liquidator and his cost to give surety: Provided that the registrar may reduce or disallow the whole or part of any costs, charges and expenses incurred by the liquidator in connection with the winding-up of the co-operative, if in his opinion such costs, charges or expenses appear to be unnecessary or excessive.
- (c) The free residue shall thereafter be applied in the order, as is mentioned in sections 98 to 102 of the Insolvency Act, 1936 (Act 24 of 1936) so far as it is applicable.
- (d) The balance of the free residue shall thereafter, subject to the provisions of paragraph (h) of subsection (1) and the regulations of the co-operative, be applied to pay the following in proportion to the amounts concerned—
  - (i) the unsecured or non-preferred claims which have been proved against the estate concerned;
  - (ii) amounts due to members for unsecured loans to the co-operative;
  - (iii) any interest of members in any members' funds; and
  - (iv) any donations or other payments which must be made in terms of the regulations.

**[76.] 87.** (1) If after all the liabilities and obligations present or contingent of a **[society or company]** co-operative wound up under section sixty-**[one]**~~seven~~, sixty-**[two]**~~eight~~ or sixty-**[three]**~~nine~~, have been discharged, and the costs, charges, expenses and fees referred to in section **[seventy-five]** ~~eighty-six~~ have been defrayed, and every donation has been made which in terms of the regulations of the **[society or company]** co-operative is required to be made in the event of winding-up, there remains any surplus of assets, the liquidator shall subject to the provisions of paragraph (d) of this subsection, frame a plan of distribution distributing such surplus, including the reserve funds, in the following manner—

Framing of plan of distribution if there is a surplus.

- (a) in the case of an **[co-operative agricultural society]** agricultural co-operative and a co-operative partnership with unlimited liability, among existing members in proportion to the value of the business of each member with the **[society]** co-operative during the last preceding fifteen years, or, if the **[society]** co-operative has not existed for such period, during the existence of the **[society]** co-operative;
- (b) in the case of an **[co-operative agricultural company]** agricultural co-operative special farmers' co-operative with limited liability or a **[farmers' special co-operative company]** special farmers' co-operative with

die bestaande lede by wyse van terugbetaling van die nominale waarde (of so 'n mindere bedrag as opbetaal mag wees) van die aandeel wat op hul name geregistreer is en as daar nadat sodanige terugbetaling geskied het nog bate oorbly, word dit onder die bestaande lede verdeel in verhouding met die waarde van die besigheid van elke sodanige lid met die **[maatskappy]** koöperasie gedurende die voorafgaande vyftien jaar, of, as die **[maatskappy]** koöperasie nie vir so 'n tydperk bestaan het nie, gedurende die bestaan van die **[maatskappy]** koöperasie: Met dien verstande dat, in die geval van 'n **[maatskappy]** koöperasie opgerig vir die doeleindes vermeld in paragraaf (s) van subartikel (1) van artikel **[ses]** vyf, en 'n koöperatiewe deelgenootskap met beperkte aanspreeklikheid enige oorblywende bate, na terugbetaling aan bestaande lede van die nominale waarde (of so 'n mindere bedrag as opbetaal mag wees) van die aandeel op hul name geregistreer, soos voormeld gelykop of in verhouding tot hulle aandelekapitaal en ander bydraes soos deur die statuut bepaal onder al die bestaande lede van die **[maatskappy]** koöperasie verdeel moet word;

- (c) in die geval van 'n **[koöperatiewe handelsvereniging]** handelskoöperasie met beperkte aanspreeklikheid onder bestaande lede by wyse van terugbetaling van die nominale waarde (of so 'n mindere bedrag as opbetaal mag wees) van die aandeel wat op hul name geregistreer is, en, as daar nadat sodanige terugbetaling geskied het nog bate oorbly, word dit onder bestaande lede verdeel in verhouding met die waarde van die besigheid van elke sodanige lid met die **[vereniging]** koöperasie gedurende die voorafgaande vyf jaar, of, as die **[vereniging]** koöperasie vir 'n korter tydperk as vyf jaar bestaan het, gedurende die bestaan van die **[vereniging]** koöperasie: Met dien verstande dat sodanige tydperk van vyf jaar verleng kan word **[by besluit]** indien so 'n besluit daartoe aangeneem is deur minstens twee-derdes van **[al]** die lede van die **[vereniging]** koöperasie teenwoordig is eie persoon of deur gevolmagtigdes verteenwoordig (waar dit deur die **[regulasies]** statuut toegelaat word) op 'n algemene vergadering wat voor die datum van likwidasie spesiaal vir daardie doel byeengeroep is;

- (d) Indien die oorskot van bates so vermeld na oordeel van die registrator te gering is vir verdeling kan die registrator, indien die statuut van 'n koöperasie nie daarvoor voorsiening maak nie, na goeddunke die bedrag aan 'n inrigting of organisasie skenk waar dit tot voordeel van koöperasies aangewend kan word.

(2) Indien—

- (a) 'n lid van so 'n **[vereniging of maatskappy]** koöperasie dood is; of
- (b) 'n lid van so 'n **[koöperatiewe landbouvereniging of koöperatiewe landboumaatskappy]** landboukoöperasie of spesiale **[koöperatiewe boeremaatskappy]** boerekoöperasie bedank het omdat hy nie meer boer nie; of
- (c) 'n lid van so 'n **[koöperatiewe handelsvereniging]** handelskoöperasie bedank het omdat hy nie meer in die gebied waar die **[vereniging]** koöperasie besigheid drywe, woon nie;

dan kan so 'n lid wat bedank het en die eksekuteur van so 'n oorlede lid, mits die **[regulasies]** statuut van die **[vereniging of maatskappy]** koöperasie daarvoor voorsiening maak, 'n be-



limited liability, among existing members in repayment of the nominal value (or such lesser amount as may have been paid up) of the shares registered in their names, and if any assets remain over after such repayment has been made, the same shall be distributed among existing members in proportion to the value of the business of each such member with the **[company] co-operative** during the last preceding fifteen years, or, if the **[company] co-operative** has not existed for such a period, during the existence of the **[company] co-operative**: Provided that, in the case of a **[company] co-operative** formed for the objects set forth in paragraph (s) of subsection (1) of section **[six] five** and a **co-operative partnership** any assets remaining after repayment to existing members of the nominal value (or such lesser amount as may have been paid up) of the shares registered in their names as aforesaid shall be divided equally or in proportion to their share capital or any other contribution as determined by the regulations among all the existing members of the **[company] co-operative**;

- (c) in the case of a **[co-operative trading society] co-operative** with limited liability, among existing members in repayment of the nominal value (or such lesser amount as may have been paid up) of the shares registered in their names, and if any assets remain over after such repayment has been made, the same shall be distributed among existing members in proportion to the value of the business of each such member with the **[society] co-operative** during the last preceding five years, or, if the **[society] co-operative** has existed for a period of less than five years, during the existence of the **[society] co-operative**: Provided that such period of five years may be extended by a resolution adopted by not less than two-thirds of the total number of members of the **[society] co-operative** present in person or by proxy (where proxies are allowed by the regulations) at a general meeting specially called for the purpose before the date of winding-up.

- (d) If the surplus mentioned above is, in the opinion of the registrar, too small for distribution, the registrar may, if the regulations do not provide therefor, at his discretion donate such an amount to an institution or organization where it can be used to the benefit of co-operatives.

(2) If—

- (a) any member of any such **[society or company] co-operative** has died; or
- (b) any member of any such **[co-operative agricultural society or co-operative agricultural company or farmers' special co-operative company] agricultural co-operative or special farmers' co-operative** has resigned because he has relinquished farming operations; or
- (c) any member of any such **[co-operative trading society] trading co-operative** has resigned because he has ceased to reside in the area in which the **[society] co-operative** carries on its business;

any such resigned member and the executor of any such deceased member may, if the regulations of the **[society or company] co-operative** so provide, authorize in writing any existing member

staande lid van die **[vereniging of maatskappy]** koöperasie in geskrif magtig om, vir die doeleindes van hierdie artikel, by die waarde van die besigheid van bedoelde bestaande lid met die **[vereniging of maatskappy]** koöperasie gedurende die tydperk van vyftien jaar of vyf jaar onmiddellik voor die likwidasie of gedurende die bestaan van die **[vereniging of maatskappy]** koöperasie (na gelang van die geval), die waarde te voeg van die besigheid van die lid, wat bedank het of wat dood is, met die **[vereniging of maatskappy]** koöperasie gedurende die betrokke tydperk: Met dien verstande dat so 'n magtiging geen uitwerking het nie, tensy dit binne drie maande na sodanige dood of bedanking, al na die geval, by die **[vereniging of maatskappy]** koöperasie ingedien word.

(3) Indien 'n **[nuwe maatskappy of vereniging]** geamalgameerde koöperasie wat ingevolge artikel **[vier-en-negentig]** een-honderd-en-ses geregistreer is, gelikwadeer word voordat dit vyftien jaar lank bestaan het in die geval van 'n **[koöperatiewe landboumaatskappy]** landboukoöperasie of 'n spesiale **[koöperatiewe boeremaatskappy]** boerekoöperasie of koöperatiewe deelgenootskap of vyf jaar lank in die geval van 'n **[koöperatiewe handelsvereniging]** handelskoöperasie word die waarde van die besigheid van 'n lid daarvan met 'n oorspronklike **[maatskappy of vereniging]** koöperasie wat tot amalgamasie oorgegaan het om daardie **[nuwe maatskappy of vereniging]** geamalgameerde koöperasie te vorm, gedurende die tydperk van vyftien jaar of, na gelang van die geval, vyf jaar, wat die likwidasie van daardie **[nuwe maatskappy of vereniging]** geamalgameerde koöperasie onmiddellik voorafgaan, by die toepassing van subartikel (1) gevoeg by die waarde van die besigheid van daardie lid met daardie **[nuwe maatskappy of vereniging]** geamalgameerde koöperasie.

Opstelling van  
kontribusierekening  
as daar 'n tekort is.

**[77.] 88.** (1) Indien daar, nadat alle bate van 'n **[vereniging of maatskappy]** koöperasie tot geld gemaak is, nog onvoldane laste of verpligtings bestaan, moet die likwidateur 'n kontribusierekening opstel waarby die skulde en verpligtings verdeel word onder diegene wat vir die bepaling daarvan aanspreeklik is, ooreenkomstig die bepalings van subartikel (1) van artikel **[twintig]** een-en-twintig in die geval van 'n **[vereniging]** koöperasie met onbeperkte aanspreeklikheid, of, in die geval van 'n **[vereniging of maatskappy]** koöperasie met beperkte aanspreeklikheid, ooreenkomstig die bepalings van subartikel (2) van daardie artikel: Met dien verstande dat, indien die likwidasie van 'n **[vereniging]** koöperasie met onbeperkte aanspreeklikheid begin binne twaalf maande na die bedanking of uitsetting van 'n lid, daardie lid wat bedank het of uitgesit is ook aanspreeklik bly vir die koste, onkoste en uitgawes verbonde aan die likwidasie.

(2) Indien 'n persoon wat vir betaling aanspreeklik is, sterf voor of nadat sy naam in die kontribusierekening opgeneem is, dan is sy boedel verplig om by te dra.

(3) Indien die boedel van 'n persoon wat vir betaling aanspreeklik is, gesekwestreer word, of as hy sy boedel afstaan, hetsy voor of nadat sy naam in die kontribusierekening opgeneem is, dan kan die beraamde bedrag van aanspreeklikheid vir toekomstige sowel as reeds gedane vorderings teen die insolvente of afgestane boedel bewys word: Met dien verstande dat, indien so 'n persoon se boedel gerehabiliteer word voor die datum waarop die sake van die **[vereniging of maatskappy]** koöperasie finaal gelikwadeer word, hy persoonlik aanspreeklik bly vir die hele bedrag of enige vorderings vasgestel by die eerste of 'n volgende kontribusierekening.

(4) By die opstelling van genoemde kontribusierekening kan die likwidateur rekening hou met die waarskynlikheid dat party van die persone wat vir betaling aanspreeklik is, deels of geheel en al in gebreke mog bly om te betaal.

of the **[society or company] co-operative** to include, for the purposes of this section, as part of the value of the business of such existing member with the **[society or company] co-operative** during the period of fifteen years or five years immediately preceding the winding-up or during the existence of the **[society or company] co-operative** (as the case may be), the value of the business of such resigned or deceased member with the **[society or company] co-operative** during the period in question: Provided that no such authority shall be of any effect unless it has been lodged with the **[society or company] co-operative** within three months after such death or resignation, as the case may be.

(3) If any **[new company or society registered]** amalgamated co-operative in terms of section **[ninety-four] one-hundred and six** is wound up before it has been in existence for fifteen years, in the case of **[a co-operative agricultural company or a farmers' special co-operative company]** an agricultural co-operative, special farmers' co-operative and co-operative partnership or five years in the case of a **[co-operative trading society]** trading co-operative the value of the business of any member thereof with any original **[company or society] co-operative** which proceeded to amalgamation in order to constitute such **[new company or society]** amalgamated co-operative, during the period of fifteen years or of five years, as the case may be, immediately preceding the winding up of such **[new company or society]** amalgamated co-operative, shall be included for the purposes of subsection (1) as part of the value of the business of such member with such **[new company or society]** amalgamated co-operative.

**[77.] 88.** (1) If, after realization of all the assets of a **[society or company] co-operative**, any liability or obligation remains undischarged, the liquidator shall frame a plan of contribution apportioning the debt or obligation among those persons liable to pay, in accordance with the provisions of subsection (1) of section **[twenty] twenty-one** in the case of a **[society] co-operative** with unlimited liability, or, in the case of a **[society or company] co-operative** with limited liability, in accordance with the provisions of subsection (2) of that section: Provided that if the winding-up of a **[society] co-operative** with unlimited liability is commenced within twelve months after the resignation or expulsion of any member, such resigned or expelled member shall also remain liable for costs, charges and expenses of the winding-up.

Framing of plan of contribution if there is a deficit.

(2) If any person liable to pay dies before or after his name has been included in the plan of contribution, his estate shall be liable to contribute.

(3) If the estate of any person liable to pay is sequestrated or if he assigns his estate, either before or after his name has been included in the plan of contribution, there may be proved against the insolvent or assigned estate the estimated amount of liability to future calls as well as calls already made: Provided that if any such person's estate is rehabilitated before the date upon which the affairs of the **[society or company] co-operative** are finally liquidated, he shall remain personally liable for the whole or any calls fixed under the first or any subsequent plan of contribution.

(4) The liquidator may, in framing the said plan of contribution take into consideration the probability that some of the persons liable to pay may partly or wholly fail to pay.

(5) Indien 'n persoon wat ingevolge 'n kontribusierekening, bekragtig soas hierin verder bepaal, aanspreeklik is om by te dra, sy bydrae nie betaal het nie en ook nie, vir sover die likwidateur weet, voldoende goed of besittings het om aan sy verpligting te voldoen nie, moet die likwidateur 'n verdere kontribusierekening opstel waarby die onvoldane deel van die verpligting van die persoon wat in gebreke bly, met inagneming van die toepaslike bepaling van artikel een-en-twintig en van die voorbehoudsbepaling by subartikel (1) van hierdie artikel onder al die ander persone verdeel word; en indien 'n persoon, wat volgens die tweede kontribusierekening vir betaling aanspreeklik is, na bekragtiging daarvan nie in staat is om te betaal nie, moet die likwidateur op die voormelde wyse 'n derde kontribusierekening opstel en moet hy so voortgaan totdat alle laste en verpligtings van die **【vereniging of maatskappy】** koöperasie voldaan is. Die bepaling van subartikels (2), (3) en (4) van hierdie artikel is van toepassing op die tweede en enige daaropvolgende kontribusierekening wat deur die likwidateur opgestel word.

Voorlegging van  
likwidasierekening en  
distribusie- of  
kontribusierekening.

**【78.】 89.** (1) Elke likwidateur moet binne hoogstens ses maande (of sodanige langer tydperk as die registrateur mag goedkeur) na sy aanstelling 'n rekening van sy ontvangste en uitbetalings en, as daar 'n oorskot is, die distribusierekening deur hom opgestel ingevolge artikel **【ses-en-sewentig】** sewe-en-tagtig, of, as daar 'n tekort is, die kontribusierekening deur hom opgestel ingevolge artikel **【sewen-en-sewentig】** agt-en-tagtig, opstel en by die registrateur indien.

(2) Die likwidasierekening en die distribusie- of kontribusierekening moet in duplikaat opgestel word in 'n deur die registrateur goedgekeurde vorm en moet deur beëdigde verklaring van die likwidateur bevestig word.

(3) Die likwidasierekening moet ten volle deur bewysstukke gestaaf wees.

(4) As die likwidasierekening en distribusie- of kontribusierekening nie finale rekenings is nie, moet die likwidateur van tyd tot tyd **【volgens voorskrif van】** binne sodanige tydperk as wat die registrateur bepaal 'n verdere likwidasierekening en distribusie- of kontribusierekening opstel en aan hom voorlê.

(5) Indien 'n likwidateur nie in staat is om die rekenings in subartikels (1) en (4) genoem binne die voorgeskrewe tydperk in te dien nie, moet hy voor die verstryking van die betrokke tydperk, skriftelike redes vir sy onvermoë om die betrokke rekenings in te dien by die registrateur indien tesame met 'n verklaring van die gronde, as daar is, waarop hy op uitstel vir indiening van sodanige rekening aanspraak maak; en die registrateur kan daarna uitstel verleen wat hy in die omstandighede nodig ag.

**【(5)】 (6)** Behalwe wanneer die kantoor van die **【vereniging of maatskappy】** koöperasie binne die distrik Pretoria geleë is, moet die registrateur 'n duplikaat van die likwidasierekening en distribusie- of kontribusierekening stuur aan die **【magistraat】** landdros van die distrik waarin die kantoor van die **【vereniging of maatskappy】** koöperasie geleë is.

Insae van  
likwidasierekening en  
distribusie- of  
kontribusierekening.

**【79.】 90.** (1) Die likwidasierekening en distribusie- of kontribusierekening moet in die kantoor van die registrateur beskikbaar gehou word, en, as die geregistreerde kantoor van die **【vereniging of maatskappy】** koöperasie nie binne die distrik Pretoria geleë is nie, moet die duplikaat daarvan in die kantoor van die **【magistraat】** landdros van die distrik waarin die geregistreerde kantoor van die **【vereniging of maatskappy】** koöperasie geleë is, beskikbaar gehou word, ter insae deur belanghebbende persone vir so 'n redelike tydperk, maar minstens veertien dae, as die registrateur mag vasstel.

(2) Die registrateur moet, op koste van die **【vereniging of maatskappy】** koöperasie 'n kennisgewing in die *Staatskoerant* en



(5) If any person liable to contribute under the plan of contribution confirmed as hereinafter provided, has not paid his contribution and has not, to the knowledge of the liquidator, property or effects sufficient to meet his liability, the liquidator shall frame a further plan of contribution apportioning, subject to the relative provisions of section **[twenty]** twenty-one, and to the proviso to subsection (1) of this section, among each of the other persons the share of the defaulting person's unsatisfied liability; and if any person liable to pay under the second plan of contribution, after confirmation thereof, is unable to pay, the liquidator shall frame a third plan of contribution in the manner aforesaid, and so on until all the liabilities and obligations of the **[society or company]** co-operative have been settled. The provisions of subsections (2), (3) and (4) of this section shall apply to the second and any subsequent plans of contribution framed by the liquidator.

**[78.] 89.** (1) Every liquidator shall, not later than six months (or such longer period as the registrar may approve) after his appointment, frame and lodge with the registrar an account of his receipts and payments and if there is a surplus the plan of distribution framed by him in terms of section **[seventy-six]** eighty-seven, or, if there is a deficit, the plan of contribution framed by him in terms of section **[seventy-seven]** eighty-eight.

Lodging of  
liquidation account  
and plan of  
distribution or plan of  
contribution.

(2) The account and plan shall be in duplicate and in a form approved by the registrar, and shall be verified by affidavit by the liquidator.

(3) The account shall be fully supported by vouchers.

(4) If the account and plan are not the final account and plan, the liquidator shall from time to time, **[and as the registrar may direct]** within such a period as the registrar may determine, frame and lay before the registrar a further account and plan.

(5) If a liquidator is not in a position to submit the accounts mentioned in subsections (1) and (4) within the prescribed period, he must, before the expiring of the relevant period submit in writing to the registrar his reasons for his inability to submit the accounts together with an explanation on what grounds, if any, he is applying for postponement for the submission of the accounts, and the registrar may, if the circumstances warrant it, grant an extension of time.

**[(5)] (6)** Except where the office of the **[society or company]** co-operative is situate within the district of Pretoria, the registrar shall transmit a duplicate of the account and plan to the magistrate of the district in which the office of the **[society or company]** co-operative is situate.

**[79.] 90.** (1) The account and plan shall lie open at the registrar's office and, if the registered office of the **[society or company]** co-operative is not situate within the district of Pretoria, the duplicate thereof shall lie open at the office of the magistrate of the district in which the registered office of the **[society or company]** co-operative is situate, for inspection by persons interested for such reasonable time, not being less than fourteen days, as the registrar may determine.

Inspection of  
liquidation account  
and plan of  
distribution or  
contribution.

(2) The registrar shall, at the cost of the **[society or company]** co-operative cause to be published in the *Gazette* and in a

in 'n koerant in omloop in die distrik waarin die geregistreerde kantoor van die **[vereniging of maatskappy]** koöperasie geleë is, laat publiseer waarin die tydperk waaroor en die plek of plekke waar die likwidasierekening en distribusie- of kontribusierekening ter insae soas voormeld beskikbaar gehou sal word, vermeld word, en waarin alle belanghebbende persone aangesê word om voor 'n bepaalde dag, minstens sewe dae na die verstryking van genoemde tydperk, besware teen die likwidasierekening of distribusie- of kontribusierekening, met die redes daarvoor, by die registrateur in te dien, en waarin vermeld word dat elke sodanige beswaar en die redes daarvoor deur beëdigde verklaring bevestig moet word.

(3) Die landdros laat 'n kennisgewing op 'n openbare, plek in of by sy kantoor aanbring waarin vermeld word dat die betrokke rekenings by sy kantoor ingedien is met vermelding van die onderskeie tydperke waartydens hulle ter insae sal lê en by verstryking van so 'n tydperk reik hy 'n sertifikaat uit dat die betrokke rekening by sy kantoor ter insae gelê het en stuur hy die sertifikaat en rekening aan die registrateur.

Besware deur  
belanghebbende  
persone teen  
likwidasierekening of  
distribusie- of  
kontribusierekening.

**[80.] 91.** (1) Iemand wat belang het by die likwidasie van die **[vereniging of maatskappy]** koöperasie kan te eniger tyd voor die dag vermeld in die subartikel (2) van artikel **[negen-en-sewentig]** *negentig* bedoelde kennisgewing beswaar teen die likwidasierekening of distribusie- of kontribusierekening met redes daarvoor, bevestig soas vermeld, by die registrateur indien.

(2) As die registrateur van oordeel is—

- (a) dat so 'n by hom ingediende beswaar gedeeltelik of geheel en al gehandhaaf behoort te word; of
- (b) hoewel geen beswaar by hom ingedien is nie, dat die bate met 'n ongepaste pos gedebiteer is, of dat die likwidasierekening of die distribusie- of kontribusierekening in een of ander opsig verkeerd is en gewysig behoort te word,

dan kan hy die likwidateur gelas om die likwidasierekening of distribusie- of kontribusierekening te wysig, of sodanige ander opdrag uitvaardig as hy goetvind, en as hy van oordeel is dat so 'n beswaar nie gehandhaaf behoort te word nie, dan moet hy die persoon wat die beswaar ingedien het, meedeel dat hy weier om dit te handhaaf.

(3) Die likwidateur of iemand wat ontevrede is met so 'n opdrag van die registrateur of met die weiering van die registrateur om so 'n beswaar te handhaaf, kan, binne veertien dae na die datum van die registrateur se opdrag of weiering, na kennisgewing aan die likwidateur, by wyse van mosie aan 'n afdeling van die Hooggeregshof wat regs mag besit in die distrik waarin die geregistreerde kantoor van die **[vereniging of maatskappy]** koöperasie geleë is, versoek om 'n order tot vernietiging van die registrateur se beslissing, en die hof kan so 'n bevel verleen as hy goetvind.

(4) Wanneer so 'n opdrag van die registrateur (wat nie deur die hof vernietig is nie), of so 'n bevel van die hof, die belange raak van iemand wat nie by die registrateur beswaar ingedien het nie, dan moet die aldus gewysigde likwidasierekening en distribusie- of kontribusierekening, tensy die betrokke persoon skriftelik instem met die onmiddellike bekragtiging daarvan, weer ter insae beskikbaar gehou word op die wyse en met die kennisgewing voorgeskrywe in artikel **[negen-en-sewentig]** *negentig* en die bepalings van subartikels (1), (2) en (3) van hierdie artikel is daarop van toepassing.

Bekragtiging van  
likwidasierekening en  
distribusie of  
kontribusierekening.

**[81.] 92.** Wanneer die registrateur oortuig is dat die likwidasierekening en distribusie- of kontribusierekening ter insae beskikbaar gehou is of (indien nodig) weer ter insae beskikbaar gehou is ooreenkomstig die bepalings van artikels **[negen-en-sewentig]** *negentig* en **[tagtig]** *een-en-negentig* en dat die opdrag van die hof en van die registrateur (in soverre dit nie deur die hof opsy gesit of gewysig is nie) uitgevoer is, moet hy die rekening bekragtig, en sy bekragtiging het die werking van 'n eindvonnis.

newspaper circulating in the district in which the registered office of the **[society or company]** co-operative is situate a notice stating the period during which and the place or places at which the account and plan will lie open for inspection as aforesaid, and calling upon all persons interested to lodge with the registrar before a stated day, not being earlier than seven days after the close of the said period, any objection to the account or plan, with the reasons therefor, and stating that every such objection and the reasons therefor shall be verified by affidavit.

(3) The magistrate shall cause to be affixed in some public place in or about his office a notice wherein is mentioned that the respective account has been lodged in his office, showing the period during which it will be open for inspection and shall upon the expiry of the period issue a certificate that the account has been open in his office for inspection and transmit the certificate and account to the registrar.

**[80.] 91.** (1) Any person interested in the winding-up of the **[society or company]** co-operative may, at any time before the day stated in the notice referred to in subsection (2) of section **[seventy-nine]** ninety, lodge with the registrar any objection to the account or plan, with the reasons therefor, verified as aforesaid.

Objections by interested persons to liquidation account or plan of distribution or contribution.

(2) If the registrar is of opinion that—

- (a) any objection so lodged with him ought to be sustained, wholly or in part, or
9. (1) Unless it is shown in the profit and loss account or by means of a note thereto, or the amount involved is not material, there shall be shown—

(a) the amount and source from which transfers to reserves or provisions (other than provisions for depreciation of assets shown in conjunction with the relative assets), has been derived; and

(b) the amount and application of transfers from reserves and provisions (other than provisions for depreciation of assets shown in conjunction with the relative assets).

(2) Where the heading showing any of the reserves or provisions aforesaid is divided into subheadings, this clause shall apply to each of the separate amounts shown in the subheadings instead of applying to the aggregate amount thereof.

10. Voorsienings vir 'n bekende aanspreeklikheid moet afsonderlik van mekaar getoon word: Met dien verstande dat die Minister kan gelas dat 'n afsonderlike verklaring van die bedrag van 'n bepaalde voorsiening nie vereis word nie as hy daarvan oortuig is dat dit nie in die openbare belang nodig is nie en die koöperasie sou benadeel; maar op voorwaarde dat enige opskrif waaronder 'n bedrag getoon word wat verkry is nadat rekening gehou is met 'n voorsiening, só gestel of aangetoon moet word dat dit daardie feit aandui.

11. Indien 'n bedrag van 'n voorsiening meer is as dié wat na die mening van die direkteure en die ouditeur redelikerwys noodsaaklik is vir die doel, word die verskil by die toepassing van hierdie Bylae behandel as 'n reserwe en nie as 'n voorsiening nie: Met dien verstande dat indien die ouditeur, teenstrydig met die mening van die direkteure, van oordeel is dat 'n bedrag as 'n reserwe behandel behoort te word, die ouditeur uitdruklik daarvoor aan die lede verslag moet doen.

#### *Ledefondse*

12. (1) Ledefondse wat ingevolge die statuut van 'n koöperasie gestig is, moet onder afsonderlike opskrifte of subopskrifte vermeld word, met aanduiding van die tipes van fondse.
- (2) Enige hydraes en toewysigings tot die fondse in subparagraaf (1) hierbo genoem, en/of enige verminderings ten opsigte daarvan, moet by wyse van 'n aantekening of andersins openbaar word.

#### *LASTE*

##### *Obligasies*

13. Daar moet vermeld word—

- (1) die bedrag en klasse obligasies uitgereik;
- (2) wanneer enige van die koöperasie se obligasies gehou word deur 'n genomineerde van of 'n trustee vir die koöperasie, die nominale bedrag van die obligasies en die bedrag waarteen hulle in die boeke van die koöperasie vermeld word;
- (3) besonderhede van alle afgeloste obligasies wat die koöperasie bevoeg is om weer uit te reik.

##### *Langtermyn- en bedryfslaste*

14. (1) Die laste moet onder die opskrif langtermynlaste of bedryfslaste ingedeel word.
- (2) Lenings terugbetaalbaar in paaiemente of andersins en ander laste wat nie binne die boekjaar wat op die datum van die balansstaat volg betaalbaar is nie, moet onder die opskrif langtermynlaste getoon word. Hulle mag saamgegroepeer word onder gepaste subopskrifte wat geskik is vir die besigheid van die koöperasie maar lenings van die Land- en Landboubank van Suid-Afrika, lenings van lede en van enige ander finansiële instelling moet afsonderlik getoon word.
- (3) Lenings terugbetaalbaar gedurende die boekjaar wat op die datum van die balansstaat volg en ander laste betaalbaar op die datum van die balansstaat of gedurende die loop van daardie jaar, moet onder die opskrif bedryfslaste getoon word. Hulle mag saamgegroepeer word onder gepaste subopskrifte geskik vir die besigheid van die koöperasie maar lenings of voorskotte van die Land- en Landboubank van Suid-Afrika of van enige ander finansiële instelling of instansie en oortrokke bankrekenings wat onder hierdie opskrif moet verskyn moet afsonderlik getoon word.
- (4) Ondanks die bepalinge van subparagraaf (2) hiervan moet lenings of voorskotte, wat aangegaan of verkry is om betalings te maak vir produkte, lewende hawe of lewendehawe produkte of om boerderybenodighede te finansier of om uitgawes aan die hantering, opberging, bewerking of verwerking van produkte, lewende hawe of lewendehawe produkte te dek, en wat terugbetaalbaar is soos wat die produkte, lewende hawe of lewendehawe produkte van die hand gesit word of die boerderybenodighede betaal word, afsonderlik onder die opskrif bedryfslaste ingedeel word.

##### *Gewaarborgde verpligtinge*

15. Wanneer 'n verpligting van die koöperasie deur 'n bate van die koöperasie gewaarborg word, anders as deur regswerking, moet daardie feit vermeld word met vermelding van die verpligting en die bate waardeur dit gewaarborg word.

#### *Ander*

16. Daar moet onder afsonderlike opskrifte aangetoon word—

- (1) die totale bedrag van 'n koöperasie se skuld, hetsy ingevolge 'n lening of andersins, aan regspersone waarin hy aandeel opgeneem het; en
- (2) die voorsienings vir enige voorgestelde bonus of rente op aandeelkapitaal.

#### *BATE*

##### *Algemeen*

17. Vaste bate, bedryfsbate en bate wat nóg vaste nóg bedryfsbate is, moet afsonderlik geïdentifiseer word.

##### *Vaste bate*

18. Die metode of metodes wat gebruik word om die bedrag van die vaste bate en die bate wat nóg vaste nóg bedryfsbate is te bepaal, moet onder elke opskrif vermeld word.

19. (1) Die metode om die bedrag van vaste bate (en bate wat nóg vaste nóg bedryfsbate is) te bepaal, is behoudens subparagraaf (2), om die verskil te neem tussen—
  - (a) die kosprys daarvan, of as dit teen 'n waardering in die koöperasie se boeke aangegee word, die bedrag van die waardering; en
  - (b) die totale bedrag wat sedert die datum van die aanskaffing of waardering, na gelang van die geval, vir waardevermindering voorsien of afgeskryf is.

10. Provisions for known liabilities shall be reflected separately: Provided that the Minister may direct that there shall not be required a separate statement of the amount of any particular provision where he is satisfied that that is not required in the public interest and would prejudice the co-operative: but subject to the condition that any heading stating an amount arrived at after taking into account a provision shall be so framed or marked as to indicate that fact.

11. If the amount of a provision is in excess of that which in the opinion of the directors and the auditors is reasonably necessary for the purpose, the excess shall be treated for the purpose of this Schedule as a reserve and not as a provision: Provided that if, contrary to the opinion of the directors, the auditors consider that an amount should be treated as a reserve, the auditors shall report specifically on the subject to the members.

#### *Members' Funds*

12. (1) Members' funds established in terms of the regulations of the co-operative, must be shown separately under headings and subheadings indicating the types of funds.
- (2) Any contributions or allotments to the funds mentioned in subparagraph (1) above and/or any decrease in the funds must be disclosed by way of a note to the accounts or in some other way.

#### LIABILITIES

##### *Obligations*

13. There shall be stated—
  - (1) the amount and classes of debentures issued;
  - (2) where any of the company's debentures are held by a nominee of, or trustee for the co-operative, the nominal amount of the debentures and the amount at which they are stated in the books of the co-operative;
  - (3) particulars of any redeemed debentures which the company has power to re-issue.
14. (1) Liabilities shall be classified under the headings of long term liabilities or current liabilities.
- (2) Loans repayable in annual instalments or otherwise and other liabilities which do not fall due for payment within the financial year following on the date of the balance sheet must be reflected under the heading of long term liabilities. They may be grouped together under appropriate subheadings which are suited to the business of the co-operative but loans from the Land and Agricultural Bank of South Africa or from any other financial institution or from members must be shown separately.
- (3) Loans repayable during the financial year following on the date of the balance sheet and other liabilities payable at the date of the balance sheet or during the course of that year, shall be reflected under the heading of current liabilities. They may be grouped together under appropriate subheadings suited to the business of the co-operative but loans or advances from the Land and Agricultural Bank of South Africa or from any other financial institution and bank overdrafts which fall to be classified under this heading must be shown separately.
- (4) Notwithstanding the provisions of subclause (2) hereof loans and advances taken for the purpose of making payments for products, livestock or livestock products or of financing farming requisites or of meeting expenditure in connection with the handling, storing, treating or manufacture of products, livestock or livestock products and which are repayable as the products, livestock or livestock products are disposed of or the farming requisites paid for shall be classified separately under the heading current liabilities.

##### *Secured Liabilities*

15. Where any liability of the co-operative is secured by any assets of the co-operative, otherwise than by operation of law, that fact shall be stated, specifying the liability and the assets by which it is secured.

##### *Other*

16. There shall be shown under separate heading—
  - (1) the aggregate amount of indebtedness (whether on account of a loan or otherwise) to any juristic person in which it took up shares; and
  - (2) the provisions for any proposed bonus or interest on capital.

#### ASSETS

##### *General*

17. Fixed assets, current assets and assets that are neither fixed nor current shall be separately identified.

##### *Fixed Assets*

18. The method or methods used to arrive at the amount of the fixed assets and the assets which are neither fixed nor current, under each heading, shall be stated.

19. (1) The method of arriving at the amount of any fixed asset (and asset neither fixed nor current) shall, subject to subparagraph (2), be to take the difference between—
  - (a) its cost, or if it stands in the company's books at a valuation, the amount of the valuation; and
  - (b) the aggregate amount provided or written off since the date of acquisition or valuation, as the case may be, for depreciation.

- (2) Subparagraaf (1) is nie van toepassing nie—
- op bate vir die vervanging waarvoor ten dele of ten volle voorsiening gemaak is—
    - deur voorsiening te maak vir hernuwings, en die koste van vervanging teen die aldus gemaakte voorsiening te debiteer; of
    - deur die vervangingskoste regstreeks teen inkomste te debiteer;
  - op enige beleggings;
  - op klandisiewaarde, patente of handelsmerke.
- (3) Ten opsigte van die bate onder elke opschrift waarvan die bedrag bepaal is ooreenkomstig subparagraaf (1) van hierdie paragraaf, moet daar aangetoon word—
- die totaal van die bedrae bedoel in paragraaf (a) van daardie subparagraaf; en
  - die totaal van bedrae bedoel in paragraaf (b) daarvan.
- (4) Indien by die inwerkingtreding van hierdie Bylae die gegewens vir 'n bestaande bate deur subparagraaf (3) vereis nie beskikbaar is nie of nie sonder onredelike koste of verdragings verkry kan word nie, word die netto bedrag waarteen 'n bate in die koöperasie se boeke op datum van die inwerkingtreding van hierdie Bylae staan (na aftrekking van die bedrae wat tevore daarop voorsien of afgeskryf is), beskou asof dit die waarde van 'n op daardie datum uitgevoerde waardering van daardie bate is.
- (5) Ten opsigte van die bate onder elke opschrift waarvan die bedrag nie ooreenkomstig genoemde subparagraaf (1) bepaal is nie, omdat daar vir die vervanging daarvan voorsiening gemaak is soos in subparagraaf 2 (a) van hierdie paragraaf gemeld, moet daar getoon word—
- die wyse waarop daar vir die vervanging daarvan voorsiening gemaak is; en
  - die totale bedrag van die voorsiening (as dit bestaan) wat vir hernuwings gemaak en nie gebruik is nie.
- (6) Met betrekking tot grond en geboue wat vaste bate is, moet daar ook vermeld word—
- 'n beskrywing van sodanige grond en geboue en die ligging daarvan;
  - die datum van die verkryging daarvan deur die koöperasie;
  - die koopprys daarvan; en
  - die koste van byvoegings of verbeterings sedert die datum van verkryging of waardasie, welke koste ontleed moet word om die jare aan te dui waarin die byvoegings en verbeterings aan die geboue uitgevoer is:

Met dien verstande dat wanneer daar meer as vyf afsonderlike items van grond en geboue is, 'n koöperasie, as hy van mening is dat nakoming van hierdie subparagraaf ongerieflik of omslagtig sal wees, die inligting in 'n bylae of register kan insluit en hy in daardie geval in die balansstaat moet vermeld dat die gemelde bylae of register vir insae van lede beskikbaar is by die geregistreerde kantoor van die koöperasie. Die bepaling van die Wet met betrekking tot insae van die boeke en rekeninge van die koöperasie, is *mutatis mutandis* van toepassing op insae van die gemelde bylae of register.

- (7) Met betrekking tot vaste bate, in subparagraaf (6) bedoel, waarvan die bedrag met verwysing na 'n waardering bepaal word, is die bepaling van subparagraaf (b) en (c) daarvan nie van toepassing nie, maar moet daar vermeld word die jare waarin die bate afsonderlik waardeur is en die afsonderlike waardes, en in die geval van bate wat gedurende die betrokke boekjaar waardeur is, die name en kwalifikasies van die persone wat hulle waardeur het en die basis wat hulle vir die waardering gebruik het: Met dien verstande dat wanneer daar meer as vyf afsonderlike items van grond en geboue is, wat oor die jare afsonderlik waardeur is, 'n koöperasie, as hy van mening is dat nakoming van hierdie subparagraaf ongerieflik of omslagtig sal wees, die inligting in 'n bylae of register kan insluit en hy in daardie geval in die balansstaat moet vermeld dat die gemelde bylae of register vir insae van lede beskikbaar is by die geregistreerde kantoor van die koöperasie. Die bepaling van die Wet met betrekking tot insae van die boeke en rekeninge van die koöperasie, is *mutatis mutandis* van toepassing op insae van die gemelde bylae of register.

#### Klandisiewaarde, patente en handelsmerke

20. Die bedrag van die klandisiewaarde, patente en/of handelsmerke moet, vir sover dit nie afgeskryf is nie, onder afsonderlike opskrifte getoon word.

#### Beleggings

21. Daar moet onder afsonderlike subopskrifte aangetoon word—

- die totale bedrae van die koöperasie se belegging in die aandele van ander koöperasies en by wyse van 'n aantekening ten opsigte van elke sodanige belegging die naam van die koöperasie, die aantal aandele, die nominale waarde van die aandele en die bedrag daarop opbetaal.
- die totale bedrae van die koöperasie se belegging in aandele, anders as dié van koöperasies soos in subparagraaf (1) hierbo vermeld; en by wyse van 'n aantekening ten opsigte van elke sodanige belegging die naam, die aantal aandele en die kosprys daarvan: Met dien verstande dat beheerde maatskappye onder 'n aparte subopskrif aangetoon moet word met aanduiding van die persentasie aandeelhouding daarin: Met dien verstande verder dat indien die markwaarde of direkteurswaardasie, welke van toepassing mag wees, verskil van die kosprys van elk van hierdie beleggings, daardie feit en die bedrag daarvan vermeld moet word.

#### Lenings

22. Daar moet onder afsonderlike subopskrifte aangetoon word—

- die totale bedrag aan die koöperasie verskuldig deur ander koöperasies waarin hy aandele hou; en in 'n aantekening ten opsigte van elke sodanige skuld die naam van daardie koöperasie, die bedrag verskuldig, die aard van die skuld en of dit verseker is aldan nie;
- die totale bedrag aan die koöperasie verskuldig deur maatskappye geregistreer ingevolge enige ander Wet waarin hy aandele hou; en in 'n aantekening ten opsigte van elke sodanige skuld die naam van die maatskappy, die bedrag verskuldig, die aard van die skuld en of dit verseker is aldan nie: Met dien verstande dat skulde aan beheerde maatskappye onder 'n aparte subopskrif aangetoon moet word;



- (2) Subparagraph (1) shall not apply—
- (a) to assets the replacement of which is provided for wholly or partly—
    - (i) by making provision for renewals and charging the cost of replacement against the provisions so made; or
    - (ii) by charging the cost of replacement direct to revenue;
  - (b) to any investments;
  - (c) to goodwill, patents or trade marks.
- (3) In respect of the assets under each heading whose amount is arrived at in accordance with subparagraph (1) of this paragraph, there shall be shown—
- (a) the aggregate of the amounts referred to in paragraph (a) of that subparagraph; and
  - (b) the aggregate of the amounts referred to in paragraph (b) thereof.
- (4) If, with the coming in force of this Schedule, the particulars of an existing asset as required in terms of subparagraph 3 are not available or cannot be obtained without unreasonable expense or delay, the net amount at which an asset is shown in the books of the co-operative at the date of the coming in force of this Schedule (after deduction of the amounts in respect thereof previously provided or written off) may be treated as if it were the amount of a valuation of that asset at that date.
- (5) As regards the assets under each heading whose amount is not arrived at in accordance with the said subparagraph (1) because their replacement is provided for as mentioned in subparagraph (2) of this paragraph, there shall be stated—
- (a) the means by which their replacement is provided for; and
  - (b) the aggregate amount of the provision, if any, made for renewals and not used.
- (6) As regards any land and buildings which are fixed assets, there shall also be stated—
- (a) a description of such land and buildings and the situation thereof;
  - (b) the date of their acquisition by the company;
  - (c) their purchase price; and
  - (d) the costs of additions or improvements since the date of acquisition or valuation, which costs shall be analysed to indicate the years in which the additions and improvements to buildings were carried out.
- Provided that where there are more than five different items of land and buildings a company may, if it considers that compliance with this subparagraph would be inconvenient or cumbersome, include the information in a schedule or register and shall in that event state in the balance sheet that the said schedule or register shall be open for inspection by members or their duly authorized agents at the registered office of the co-operative. The provisions of this Act in regard to the inspection of books and accounts of the co-operative shall *mutatis mutandis* apply to the inspection of the said schedule or register.
- (7) As regards any fixed assets, referred to in subparagraph (6), the amount of which is arrived at by reference to a valuation, the provisions of subparagraphs (b) and (c) shall not apply, but there shall be stated the years in which the assets were severally valued and the several values, and in the case of assets that have been valued during the financial year concerned, the names and qualifications of the persons who valued them and the basis of valuation used by them: Provided that where there are more than five different items of land and buildings which have over the years been severally valued, a co-operative may, if it considers that compliance with this subparagraph would be inconvenient or cumbersome, include the information in a schedule or register and shall in that event state in the balance sheet that the said schedule or register shall be open for inspection by members at the registered office of the co-operative. The provisions of the Act in regard to the inspection of the books and accounts shall *mutatis mutandis* apply to the inspection of the said schedule or register.

#### *Goodwill, Patents and Trade Marks*

20. The amount of goodwill, patents and trade marks, in so far as it is not written off, shall be shown under separate headings.

#### *Investments*

21. There shall be shown under separate subheadings—
- (1) the aggregate amount of the co-operative's investment in shares of other co-operatives and by means of a note to the balance sheet in regard to each of such investments the name of the co-operative, the number of shares, the nominal value of the shares and the amount paid up.
  - (2) the aggregate amount of the co-operative's investment in shares other than those of co-operatives shown under subparagraph (1) above; and by means of a note to the balance sheet in regard to each of such investments the name, the number of shares and the cost price thereof: Provided that controlled companies must be shown under a separate subheading with an indication of the percentage share of the share capital: Provided further that if the market value or directors' valuation, whichever is applicable, of each of those investments, differs from the cost price thereof, that fact and the amount thereof shall be stated.

#### *Loans*

22. There shall be shown under separate subheadings—
- (1) the aggregate amount owed to the co-operative by other co-operatives in which shares are held; and by means of a note to the balance sheet in regard to each such debt the name of the co-operative, the amount due; the nature of the debt and whether it is insured or not;
  - (2) the aggregate amount owed to the co-operative by companies registered in terms of another Act and wherein it holds shares; and by means of a note in regard to each such debt the name of the company, the amount owed, the nature of the debt and whether it is insured or not;

- (3) die totale bedrag aan die koöperasie verskuldig deur werknemers ten opsigte van lenings aan hulle toegestaan;
- (4) die totale bedrag aan die koöperasie verskuldig deur persone en instansies anders as dié in subparagrafe (1), (2) en (3) hierbo vermeld; en in 'n aantekening ten opsigte van elke sodanige skuld die naam van die persoon of instansie, die bedrag verskuldig, die aard van die skuld en of dit verseker is aldan nie.

#### *Bedryfsbate*

- 23. (1) (a) Die bedrag van die voorraad moet aangetoon word as 'n afsonderlike item en moet geklassifiseer word onder gepaste subopskrifte wat minstens moet insluit—
  - (i) die voorraad handelsware en/of boerderybenodighede; en
  - (ii) die voorraad landbouprodukte, lewende hawe en lewende hawe produkte.
- (b) Met betrekking tot die wyse van vasstelling van die waarde van voorraad moet daar vermeld word—
  - (i) of dit ooreenkom met die wyse van die vorige jaar;
  - (ii) of dit die laagste is van kosprys of netto realiseerbare of vervangingswaarde of ander uitdruklik verklaarde waarde; en
  - (iii) die rekeningkundige grondslag wat gebruik is by die vasstelling van die waarde van voorraad voorhande. Wanneer verskeie verskillende grondslae vir die vasstelling van die waarde van voorraad gebruik is, na die mening van die direkteure, 'n verklaring van al die gebruikte grondslae van geringe waarde sou wees vir die lede, moet 'n verstaanbare opsomming van die gebruikte grondslae vermeld word.
- (c) Bykomende inligting wat nodig is om die waarde van die voorraad redelike weer te gee, moet vermeld word.
- (2) Die bedrag van debiteure moet aangetoon word as 'n afsonderlike item en moet geklassifiseer word onder gepaste subopskrifte wat minstens moet insluit—
  - (a) die totale bedrag deur lede, anders as direkteure, verskuldig;
  - (b) die totale bedrag deur direkteure verskuldig; en
  - (c) die totale bedrag verskuldig deur ander koöperasies en maatskappye waarin hy aandeel hou: Met dien verstande dat die skulde van beheerde maatskappye onder 'n aparte subopskrif geopenbaar moet word.
- (3) Die bedrag voorsien vir oninvorderbare skulde moet, tensy dit reeds afsonderlik onder laste by wyse van 'n voorsiening aangetoon is, as 'n vermindering teen debiteure gekrediteer word.
- (4) Daar moet afsonderlik aangetoon word—
  - (a) die saldo op 'n poelrekening gehou ten opsigte van produkte of lewende hawe wat die koöperasie namens sy lede hanteer;
  - (b) die saldo op 'n rekening gehou ten opsigte van produkte of lewende hawe wat die koöperasie ten behoeve van 'n beheerraad, opgerig kragtens die Bemarkingswet, No. 39 van 1968, hanteer;
  - (c) indien 'n aantal rekenings ingevolge subparagrafe 4 (a) of (b) gehou word, hoef slegs die totale bedrae van die soorte rekenings in onderskeidelik sodanige subparagrafe vermeld te word: Met dien verstande dat die totale ten opsigte van rekenings wat kredietsaldo's toon afsonderlik vermeld moet word van die totale van rekenings wat debietsaldo's toon. Waar 'n debietsaldo op 'n poelrekening die beraamde netto verkoopswaarde van enige onverkoopte voorrade wat op daardie rekening betrekking het, oorskry of daar geen meer sulke voorrade bestaan nie, moet sodanige debietsaldo afsonderlik getoon word met 'n verwysing in die vorm van 'n aantekening na sodanige verkoopswaarde of na die feit dat geen meer sulke voorrade bestaan nie;
  - (d) in 'n aantekening, die waarde van produktevoorraad deur koöperasies as agent van 'n beheerraad gehou en die waarde van produktevoorraad wat namens lede op 'n poelgrondslag hanteer word, indien nie reeds onder subparagraaf (1) (a) (ii) getoon nie.

#### *Obligasieuitgifte-uitgawes*

- 24. Vir sover as wat hulle nie afgeskryf is nie, moet onder afsonderlike subopskrifte vermeld word—
  - (a) die koste aangegaan in verband met die uitgifte van obligasies;
  - (b) die bedrae betaal by wyse van kommissie ten opsigte van obligasies; en
  - (c) die bedrae toegestaan by wyse van korting ten opsigte van obligasies.

#### *Diverse aangeleenthede*

- 25. Die aangeleenthede in die subparagrafe wat volg, moet by wyse van 'n aantekening vermeld word—
  - (1) (a) besonderhede van waarborge gegee en/of van 'n beswaring van die bate van die koöperasie as waarborg van die verpligtinge van 'n ander persoon, insluitende, waar doenlik, die bedrag gewaarborg; en
  - (b) die algemene aard van enige ander voorwaardelike verpligtinge waarvoor nie voorsiening gemaak is nie en, waar doenlik, die totale bedrag of geraamde bedrag van daardie verpligtinge, as dit wesenlik is.
  - (2) Waar doenlik, die totale bedrag of geraamde bedrag, as dit wesenlik is, van kontrakte vir kapitale uitgawe waarvoor nie anders voorsiening gemaak is nie en die totale bedrag of geraamde bedrag, as dit wesenlik is, van kapitale uitgawe deur die direkteure gemagtig waarvoor nie gekontrakteer is nie. Daar moet ook vermeld word die bron waaruit fondse ter dekking van sodanige uitgawe voorsien sal word.
  - (3) Die basis waarop buitelandse geld in Suid-Afrikaanse geld omreken is, waar die bedrag van die bate of laste wat geraak word wesenlik is.
  - (4) Behalwe in die geval van die eerste balansstaat, die ooreenstemmende bedrae aan die einde van die onmiddellik voorafgaande boekjaar ten opsigte van alle items in die balansstaat aangetoon.

- (3) the aggregate amount due to the co-operative by employees for loans granted to them;
- (4) the aggregate amount owed to the co-operative by persons and organizations other than those mentioned in subparagraphs (1), (2) and (3) above; and by means of a note, the name of the person or organization, the amount owed, the nature of the debt and whether it is insured or not.

#### *Current Assets*

- 23. (1) (a) The amount of stock must be shown as a separate item and shall be classified under appropriate subheadings which shall at least include—
  - (i) the stocks of merchandise and/or farming requisites; and
  - (ii) the stocks of agricultural products, livestock and livestock products.
- (b) In regard to the method of determining the value of stock, there shall be stated—
  - (i) whether it is consistent with the method of the previous year;
  - (ii) whether it is the lower of cost or net realizable or replacement value or other expressly specified value;
  - (iii) the accounting basis which has been used in determining the value of stock on hand. Where several different bases of determining the value of stock have been used and, in the opinion of the directors, a statement of all the bases used would be of little value to the members, an intelligible summary of the bases used must be stated;
- (c) Additional information which is necessary to reflect a fair value of stocks shall be stated.
- (2) The amount of debtors must be shown as a separate item and must be classified under appropriate subheadings which shall at least include—
  - (a) the aggregate amount owing by members, other than directors;
  - (b) the aggregate amount owing by directors; and
  - (c) the aggregate amount owing by other co-operatives and companies in which it holds shares: Provided that the debts of controlled companies shall be shown under a separate subheading.
- (3) The amount provided for doubtful debts, except if it has already been shown separately under liabilities as a provision, shall be credited to debtors as a reduction thereof and must be shown separately.
- (4) There shall be shown separately—
  - (a) the balance on a pool account held by the co-operative in regard to products and livestock handled on behalf of members;
  - (b) the balance on an account held in regard to products and livestock handled on behalf of a Control Board, established in terms of the Marketing Act, No. 39 of 1968;
  - (c) if a number of accounts are held in terms of subparagraphs (a) and (b) only the total amounts of the kinds of accounts mentioned in the respective subparagraphs need be shown: Provided that the total of accounts with credit balances must be shown separately to those with debit balances. Where a debit balance on a pool account is in excess of the estimated sales value of any unsold stocks having a bearing on that account or if no stocks exist, such debit balances shall be shown separately with a reference in the form of a note to such sales value or to the fact that such stocks no longer exist;
  - (d) by way of a note, if it is not shown under subparagraph (1) (a) (ii), the value of stocks of products held by the co-operative as an agent of a Control Board and also the value of stocks of products handled by the co-operative on a pool basis, on behalf of members.

#### *Expenses in respect of issue of debentures*

- 24. There shall be shown under separate subheadings in so far as they are not written off—
  - (a) the expenses incurred with any issue of debentures;
  - (b) sums paid by way of commission in respect of debentures; and
  - (c) sums allowed by way of discount in respect of debentures.

#### *Sundry Matters*

- 25. The matters referred to in the following subclauses shall be stated by way of a note—
  - (1) (a) Particulars of any charge on the assets of the co-operative to secure the liabilities of any other person including, where practicable, the amount secured.
  - (b) The general nature of any other contingent liabilities not provided for and, where practicable, the aggregate amount or estimated amount of those liabilities, if it is material.
  - (2) Where practicable the aggregate amount or estimated amount, if it is material, of contracts for capital expenditure, not otherwise provided for and the aggregate amount or estimated amount, if it is material, of capital expenditure authorized by the directors which has not been contracted for, shall be stated. There shall also be stated the sources from which funds to meet such expenditure will be provided.
  - (3) The basis on which foreign currencies have been converted into South African currency, where the amount of the assets or liabilities affected are material.
  - (4) Except in the case of the first balance sheet laid before the co-operative after the coming into force of this Schedule, the corresponding amounts at the end of the immediately preceding financial year for all items shown in the balance sheet.



## B. WINS-EN-VERLIESREKENING

26. (1) Daar moet afsonderlik in die wins-en-verliesrekening aangetoon word—
- (a) die totale bedrag van inkomste uit beleggings;
  - (b) die totale bedrag van inkomste uit toegestane lenings;
  - (c) die totale bedrag van winste en verliese op die tegeldemaking, skrapping of ander vervreemding van nie-handels-, vaste en ander nie-bedryfsbate;
  - (d) die totale bedrag van rente op langtermynlenings en obligasies betaal;
  - (e) die totale bedrag van rente op ledefondse betaal;
  - (f) die totale bedrag van rente op ander geleende fondse betaal;
  - (g) die totale bedrag afgeskryf by wyse van oninvorderbare skulde;
  - (h) die bedrag teen inkomste gedebiteer by wyse van voorsiening vir waardevermindering van vaste bate;
  - (i) behoudens die bepalinge van subparagraaf (3), die afsonderlike bedrae teen inkomste gedebiteer by wyse van voorsienings (behalwe voorsienings vir waardevermindering van vaste bate) met vermelding van die aard van elke voorsiening of die bedrag onttrek aan sodanige voorsienings en nie vir die doeleindes daarvan aangewend nie;
  - (j) die totale bedrag aan vergoeding en/of besoldiging van direkteure van die koöperasie betaal;
  - (k) die totale bedrag van toelaes aan direkteure betaal ter betaling van hulle onkoste terwyl hulle met sake van die koöperasie besig was;
  - (l) die bedrag van die vergoeding van die ouditeur, met onderskeiding tussen die geld vir audit, die geld vir ander dienste en sy uitgawes;
  - (m) die bedrag betaal by wyse van huurkontrakgelde vir die gebruik van 'n bate, behalwe onroerende eiendom, wat, indien dit aan die koöperasie behoort het, aan 'n waardeverminderingssdebiet onderhewig sou gewees het;
  - (n) die bedrag vir belasting (met vermelding waar wesenlik, van die oorsprong en verskillende klasse van die belasting) voorsien ten opsigte van die betrokke boekjaar en die bedrag, as daar is, aldus voorsien ten opsigte van 'n ander boekjaar; en
  - (o) die bedrag onttrek aan 'n gebeurlikheidsreserwe.
- (2) Daar moet, indien dit nie reeds in die vorige boekjaar se state aangetoon is nie, aangetoon word hoe die surplus van die boekjaar wat die boekjaar voorafgegaan het aangewend is.
- (3) Die Minister kan gelas dat 'n koöperasie nie verplig is om 'n bedrag te vermeld wat opsy gesit is vir voorsienings ooreenkomstig subparagraaf (1) (i) nie, indien hy daarvan oortuig is dat dit nie in die openbare belang nodig is nie en dat dit die koöperasie sou benadeel, maar op voorwaarde dat 'n opskrif waaronder 'n bedrag vermeld word wat verkry is nadat rekening gehou is met die bedrag wat soos voormeld afgesonderd is, so gestel of aangeteken moet word dat dit daardie feit aandui.

*Aantekeninge by die Wins-en-Verliesrekening*

27. Die aangeleenthede waarna in hierdie paragraaf verwys word, moet by wyse van 'n aantekening vermeld word, indien nie anders aangetoon nie—

- (1) Indien geen voorsiening vir belasting gemaak is nie, vermelding van daardie feit, die rede daarvoor en die boekjaar ten opsigte waarvan geen voorsiening gemaak is nie.
- (2) Behalwe in die geval van die eerste wins-en-verliesrekening, die ooreenstemmende bedrae vir die onmiddellik voorafgaande boekjaar vir alle items in die wins-en-verliesrekening aangetoon.
- (3) Alle wesenlike opsigte waarin items wat in die wins-en-verliesrekening ingesluit is (met vermelding van die bedrag in elke geval betrokke) geraak word deur—
  - (a) transaksies van 'n aard wat gewoonlik nie deur die koöperasie onderneem word nie of andersins deur omstandighede van 'n buitengewone of nie-herhalende aard;
  - (b) 'n verandering in die basis van verantwoording; of
  - (c) 'n verandering in die metodes vir die vasstelling van die bedrae van 'n bate.
- (4) Die totale bedrag van die winste en verliese ten opsigte van elke beheerde maatskappy—
  - (a) vir die onderskeie boekjare wat gelyktydig met of gedurende die boekjaar van die koöperasie eindig; en
  - (b) vir die tydperk vanaf die datum waarop hulle beheerde maatskappye geword het tot die voorafgaande boekjaar.

*Finansiële state van koöperasies wat as versekeraars of banke optree*

28. 'n Koöperasie wat 'n versekeringsbedryf binne die betekenis van die Versekeringswet, No. 27 van 1943, beoefen, moet aan die voorskrifte wat deur daardie Wet aangaande die opstelling van finansiële state gestel word, voldoen. Indien enige voorskrifte deur hierdie Bylae gestel in stryd of ontoepaslik is met betrekking tot die voorskrifte van die genoemde Versekeringswet, word die voorskrifte van hierdie Bylae geag nie van toepassing te wees nie.

29. 'n Koöperasie wat 'n bankbedryf binne die betekenis van die Bankwet, No. 23 van 1965, beoefen, moet aan die voorskrifte wat deur daardie Wet aangaande die opstelling van finansiële state gestel word, voldoen. Indien enige voorskrifte deur hierdie Bylae gestel in stryd of ontoepaslik is met betrekking tot die voorskrifte van die genoemde Bankwet, word die voorskrifte van hierdie Bylae geag nie van toepassing te wees nie.

## C. STAAT VAN BRON EN AANWENDING VAN FONDSE

30. Daar moet by die balansstaat aangeheg word of afsonderlik daarin vervat word 'n staat wat die bronne en die aanwending aantoon van fondse ontvang en aangewend gedurende die boekjaar wat minstens vermeld—

- (1) fondse verkry van—
  - (a) netto inkomste, voor aftrekking van belasting;
  - (b) die vervreemding van besondere vaste en ander nie-bedryfsbate;



## B. PROFIT AND LOSS ACCOUNT

26. (1) There shall be shown separately in the Profit and Loss Account—
- (a) the amount of income from investments;
  - (b) the amount of income from loans granted;
  - (c) the aggregate amount of profits and losses on the realization, scrapping or other disposal of non-trading, fixed and other non-current assets;
  - (d) the amount of interest paid on long term loans and debentures;
  - (e) the total amount of interest paid on members' funds;
  - (f) the total amount paid for interest on other borrowed funds;
  - (g) the total amount written off by way of bad debts;
  - (h) the amount debited against income for the provision of depreciation of fixed assets;
  - (i) subject to the provisions of subparagraph (3) the amount charged to revenue by way of provision (except provisions for appreciation in value of fixed assets) specifying the nature of each provision or the amount withdrawn from such provisions and not applied for the purposes thereof;
  - (j) the total amount of honorariums and/or remuneration paid to the directors of the co-operative;
  - (k) the total amount for reimbursement of expenses whilst busy with the affairs of the co-operative paid to directors;
  - (l) the total amount of remuneration paid to the auditor, distinguishing between the fee for the audit, the fee for other services and his expenses;
  - (m) the amount paid by way of leasing charges for the use of any asset other than immovable property, which, if owned by the company, would have been subject to a charge for depreciation;
  - (n) the amount provided for taxation (specifying the origin and different classes of taxes) in respect of the financial year concerned and the amount, if any, so provided in respect of any other financial year;
  - (o) the amount withdrawn from the reserve for contingencies.
- (2) There shall be shown, if not already shown in the previous financial year's statements, the manner in which the profit for the financial year preceding this financial year was distributed.
- (3) The Minister may direct that a co-operative shall not be obliged to show an amount set aside to provisions in accordance with paragraph (i) of subclause (1), if he is satisfied that that is not required in the public interest and would prejudice the co-operative, but subject to the condition that any heading stating an amount arrived at after taking into account the amount set aside as aforesaid shall be so framed or marked as to indicate that fact.

*Notes to the Profit and Loss Account*

27. The matters referred to in the following subclauses shall be stated by way of note if not otherwise shown.

- (1) If no provision for taxation has been made, a statement of that fact, the reason therefor, and the period in respect of which no provision has been made.
- (2) Except in the case of the first profit and loss account, the corresponding amounts for the immediately preceding financial year for all items shown in the profit and loss account.
- (3) Any material respects in which any items in the profit and loss account stating in each case the amount involved are affected by—
  - (a) transactions of a sort not usually undertaken by the co-operative or otherwise by circumstances of an exceptional or non-recurrent nature;
  - (b) any change in the basis of accounting; or
  - (c) any change in the methods for the determination of the amount of an asset.
- (4) The total amount of profits and losses of each controlled company—
  - (a) for their respective financial years which ends simultaneously with or during the financial year of the co-operative; and
  - (b) for the period from the date that they became controlled companies up to the preceding financial year.

*Financial statements of co-operatives operating as insurers or banks*

28. A co-operative which carries on insurance business within the meaning of Act No. 27 of 1943 must comply with the regulations of that Act with regard to the drawing up of financial statements. Where any of the regulations of this Annexure are contrary or inapplicable to the regulations of the Insurance Act, the regulations of this Annexure shall not apply.

29. A Co-operative carrying on the business of a bank within the meaning of the Bank Act, No. 23 of 1965, must comply with the regulations of that Act with regard to the drawing up of financial statements. Where any of the regulations of this Annexure are contrary to or inapplicable to the regulations of the Bank Act, the regulations of this Annexure shall not apply.

## C. STATEMENT OF SOURCE AND APPLICATION OF FUNDS

30. There shall be annexed to the balance sheet or separately contained therein a statement showing the sources and the application of any funds received and applied during the financial year specifying at least—

- (1) funds derived from—
  - (a) net income before deduction of taxes;
  - (b) the disposal of specified fixed and other non-current assets;

- (c) die opbrengs van lenings aangegaan en obligasies uitgereik;
  - (d) die opbrengs van aandele uitgereik;
  - (e) terugbetalings ontvang op lenings toegestaan;
  - (f) 'n vermeerdering in ledefondse; en
  - (g) 'n vermindering in netto bedryfskapitaal (synde bedryfsbate min bedryfslaste);
- (2) fondse aangewend vir—
- (a) dekking van 'n verlies;
  - (b) die verkryging van besondere vaste en ander nie-bedryfsbate;
  - (c) die aflossing van lenings en obligasies;
  - (d) lenings toegestaan en die doeleindes waarvoor dit toegestaan is;
  - (e) aanspreeklikheid vir belastings;
  - (f) 'n vermindering in ledefondse; en
  - (g) 'n vermeerdering in netto bedryfskapitaal (synde bedryfsbate min bedryfslaste).

- (c) the proceeds of loans raised and debentures issued;
  - (d) the proceeds of shares issued;
  - (e) repayments received on loans and advances made;
  - (f) an increase in members' funds; and
  - (g) any reduction in net working capital (being current assets less current liabilities);
- (2) funds applied to—
- (a) meeting any loss;
  - (b) the acquisition of specified fixed and other non-current assets;
  - (c) the redemption of any loans and debentures;
  - (d) loans and advances made and the purposes for which made;
  - (e) liability for taxes;
  - (f) a reduction in members' funds; and
  - (g) any increase in net working capital (being current assets less current liabilities).

INHOUD

Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking

ALGEMENE KENNISGEWING

BLADSY

Konsepwetsontwerp ..... 2

CONTENTS

Department of Agricultural Economics and Marketing

GENERAL NOTICE

PAGE

Draft Bill ..... 3